

**Die rol van die onderwyser ten opsigte
van die aanmelding van seksuele
misbruik**

JANINE DELPORT

**Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die
vereistes vir die graad**

MAGISTER

in

MAATSKAPLIKE WERK: FORENSIESE PRAKTYK

in die

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

aan die

NOORDWES-UNIVERSITEIT

(POTCHEFSTROOMKAMPUS)

Studieleier: Dr. A.A. Roux

Medestudieleier: Dr. C.C Wessels

Potchefstroom

November

2010

DANKBETUIGINGS

My opregte dank gaan aan:

- **My Hemelse Vader** wat aan my die krag gegee het om hierdie ondersoek te voltooi.
- My ouers, **Johan en Ina Delport**, vir hulle volgehoue ondersteuning en liefde.
- My studieleier, Dr. Roux, vir haar volgehoue ondersteuning en dat sy nooit moed opgee met my nie.
- My medestudieleier, Dr. Wessels vir haar waardevolle insette.
- Mev. Louise Vos van die Ferdinand Postma Biblioteek vir haar deeglike bronsoektogte.
- Mev. Elma De Kock vir vinnige en noukeurige teksversorging.
- Vir al my vriendinne wat my ondersteun het.
- Vir al die onderwysers wat deelgeneem het aan hierdie ondersoek.
- Dr. Lenie Galloway vir haar deurgaanse ondersteuning.
- **Bobby, Jonty, Cheeky, Reus, Lulu, Bruno en Blondie** – dankie vir al julle warm honde-liefde.

"When people hear about children having been abused, they're shocked and upset, but I don't think it's possible to imagine what it's actually like unless you've experienced it yourself. I'm constantly being thrown into a state of depression, knowing that children are still suffering at the hands of adults, and often at the hands of their own parents, the people who should be most dedicated to protecting them. It was the job of social services to protect my brothers and sisters and me when we were children and the signs that something was seriously wrong were clearly there for anyone to see. For whatever reason, I believe they didn't do that job properly, and I will never, ever, forgive them for that. I fear for all the other children who might be being failed by the social services, and by their communities and by neighbours looking the other way. As a child, I was beaten, sexually abused and neglected, and was clearly terrified of my father and in desperate need of help. Maybe no one knew what to do. Maybe the people in authority at that time didn't have any experience or understanding of the sort of brutality we were living with. Maybe they just couldn't get their minds round the sheer, uninterrupted misery and evil that was handed out in my house every single day. I know that there are still children who are suffering like I did, and who are living through the same sort of nightmare that I lived through, and it breaks my heart" (McGlynn & Smith, 2009:236-238).

Met liefde opgedra aan my ouers, Ina en Johan Delpor

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS	i
INHOUDSOPGAWE	ii
OPSOMMING	iv
ABSTRACT	vi
VOORSKRIFTE AAN OUTEURS	viii
VOORWOORD	ix
DIE ROL VAN DIE ONDERWYSER TEN OPSIGTE VAN DIE AANMELDING VAN SEKSUELE MISBRUIK	1
1. PROBLEEMSTELLING	1
2. DOELSTELLING EN DOELWITTE	5
3. SENTRALE TEORETIESE STELLING	5
4. METODE VAN ONDERSOEK	5
4.1 LITERATUURONTLEDING	5
4.2 EMPIRIESE ONDERSOEK	6
4.2.1 DIE NAVORSINGSONTWERP	6
4.2.2 DEELNEMERS	6
4.2.3 MEETINSTRUMENT	6
4.2.4 PROSEDURE	7
4.2.5 ETIESE ASPEKTE	9
4.2.6 DATAVERWERKING	9
5. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE	9
5.1 ONDERWYSER	9
5.2 AANMELDING	10
5.3 SEKSUELE MISBRUIK	10
6. BEPERKINGS VAN DIE ONDERSOEK	11
7. RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK	12
7.1 IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE VAN DIE RESPONDENTE	12
7.2 WEERGAWE EN BESPREKING VAN RESULTATE VOLGENS VERSKILLENDE TEMAS	13

7.2.1	TEMA EEN: KENNIS RONDON DIE INDIKATORE VAN SEKSUELE MISBRUIK	14
INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)		
7.2.2	TEMA TWEE: WYSE WAAROP 'N ONDERWYSER REAGEER OP 'N BEKENDMAKING VAN SEKSUELE MISBRUIK	21
7.2.3	TEMA DRIE: WETLIKE ASPEKTE VAN DIE AANMELDING VAN SEKSUELE MISBRUIK	25
7.2.4	TEMA VIER: DIE PROSEDURE BY DIE AANMELDING VAN SEKSUELE MISBRUIK	28
7.2.5	TEMA VYF: DIE BEHOEFTE AAN MEER OPLEIDING VAN ONDERWYSERS TEN OPSIGTE VAN SEKSUELE MISBRUIK	31
8.	GEVOLGTREKKINGS	34
9.	AANBEVELINGS	37
10.	SAMEVATTING	38
11.	BIBLIOGRAFIE	39
12.	ADDENDUMS	47
12.1	ADDENDUM 1: SELFGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE	47
12.2	ADDENDUM 2: INGELIGTE INSTEMMING	49
LYS VAN DIAGRAMME EN SKEMATIESE VOORSTELLINGS		
DIAGRAM 1: DIE GESLAGSVERDELING VAN RESPONDENTE IN DIE ONDERSOEK		
		12
DIAGRAM 2: SKOLE WAAR RESPONDENTE SKOOLHOU		
		12
DIAGRAM 3: AANTAL JARE ONDERVINDING VAN RESPONDENTE		
		13
SKEMATIESE VOORSTELLING 1: INDIKATORE VAN MOONTLIKE SEKSUELE MISBRUIK		
		14
SKEMATIESE VOORSTELLING 2: WAARSKUWINGSTEKENS VIR ONDERWYSERS OM MOONTLIKE SEKSUELE MISBRUIK WAAR TE NEEM BY KINDERS		
		1
SKEMATIESE VOORSTELLING 3: DIE BEKENDMAKINGSPROSES ...		
		22

OPSOMMING

TITEL: DIE ROL VAN DIE ONDERWYSER TEN OPSIGTE VAN DIE AANMELDING VAN SEKSUELE MISBRUIK

SLEUTELTERME: ONDERWYSER, AANMELDING, SEKSUELE MISBRUIK

Kinders bring ʘ groot gedeelte van hul tyd by die skool deur. Onderwysers is die enigste ander persone behalwe die gesin wat op ʘ daaglikse basis kontak het met kinders. Onderwysers kan ʘ groot invloed uitoefen op kinders. Indien kinders probleme ervaar by die huis, kan hulle moontlik ʘ onderwyser daarvan vertel.

Kinders kan moontlik seksuele misbruik bekend maak aan onderwysers. Indien kinders nie seksuele misbruik bekend maak nie, toon hulle egter soms simptome wat as indikatore kan dien dat hulle seksueel misbruik word. Onderwysers moet egter oor die nodige kennisbasis beskik om hierdie indikatore te kan identifiseer. Indien kinders seksuele misbruik bekend maak, moet onderwysers weet hoe om te reageer op hierdie bekendmaking.

Onderwysers het ʘ wetlike verpligting om seksuele misbruik aan te meld by die polisie. Om dit aan te meld, moet onderwysers egter kennis dra van hul wetlike verpligting en van die gevolge indien hulle dit nie sou aanmeld nie. Indien ʘ kind seksuele misbruik bekend maak, behoort daar ʘ prosedure in plek te wees by skole om die aanmelding van seksuele misbruik te fasiliteer.

Die doelstelling van die navorsing was om die rol van die onderwyser ten opsigte van die aanmelding van seksuele misbruik te ondersoek. Daar is van die opname

prosedure gebruik gemaak om kwalitatiewe data te bekom. 1 Nie-waarskynlikheidssteekproef en meer spesifiek 1 toevallige steekproef is getrek en agt deelnemers is in 1 hoofonderzoek betrek, waar 1 self-gestruktureerde onderhoudskedule gebruik is om die kennisbasis van onderwysers van seksuele misbruik vas te stel. Hierdie onderhoudskedule is gedurende persoonlike onderhoude gebruik met die agt deelnemers.

Dit is vanuit die bevindinge duidelik dat die kennisbasis van onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik beperk is. Onderwysers weet nie hoe om die bekendmaking van seksuele misbruik te hanteer nie. Indien kinders seksuele misbruik bekend maak, is daar nie prosedures in plek om die aanmelding van seksuele misbruik te fasiliteer nie. Onderwysers benodig meer opleiding om seksuele misbruik te hanteer, sodat hulle beter toegerus kan word om die aanmeldings van seksuele misbruik te verwys.

ABSTRACT

TITLE: THE ROLE OF THE TEACHER IN TERMS OF THE REPORTING OF SEXUAL ABUSE

KEY TERMS: TEACHER, REPORTING, SEXUAL ABUSE

Children spend a lot of their time at school. Teachers are the only other persons apart from the family that have daily contact with children. Teachers can have great influence on the lives of children. If children experience problems at home, they might possibly talk to a teacher about it. Children might disclose sexual abuse to teachers. If children do not disclose sexual abuse, they show symptoms that might be indicators that they are sexually abused. But teachers must have the needed knowledge base at their disposal to identify these indicators. If children disclose sexual abuse, teachers must know how to react on this disclosure.

Teachers have a legal obligation to report sexual abuse to the police. To report sexual abuse, teachers must have the knowledge of their legal obligation and of the consequences if they do not report sexual abuse. If a child disclose sexual abuse, there should be a set procedure at the schools to facilitate the disclosure of sexual abuse.

The aim of the research was to examine the role of the teacher regarding the disclosure and reporting of sexual abuse. A recording

procedure was used to obtain qualitative data. A non-probability sample, and more specifically a random sample was drawn and eight participants were involved in the main study, in which a self-structured interview schedule was used to determine the knowledge base of the teachers of sexual abuse. This interview schedule was used in personal interviews with the eight participants.

It is clear from the findings that the knowledge base of teachers regarding sexual abuse is restricted. Teachers do not know how to handle the disclosure of sexual abuse. If the children disclose sexual abuse, there are no set procedures to facilitate the disclosure of sexual abuse. Teachers need more training in the handling of sexual abuse, in order for them to be better equipped to refer the disclosure of sexual abuse.

VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Social Work / Maatskaplike Werk is 'n nasionale geakkrediteerde vaktydskrif.

Die tydskrif publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied van maatskaplike werk.

Die volgende standaarde word gestel vir die publisering van bydraes:

- Artikels mag in Afrikaans of Engels voorgelê word.
- 'n Engelse opsomming van nie meer as 100 woorde moet die artikel vergesel.
- Bydraes word krities deur twee keurders beoordeel, wie se identiteite streng vertroulik is.
- Manuskripte word aan outeurs teruggestuur as ingrypende hersiening vereis word of as die styl nie met die tydskrif se standaard ooreenstem nie.
- Artikels van minder as 2 000 woorde of meer as 10 000 woorde sal normaalweg nie oorweeg word vir publikasie nie.
- 'n Disket met die teks, verkieslik in Windows MS Word moet die hele manuskrip en twee afskrifte van die manuskrip vergesel.
- Manuskripte moet in 12 pt "Times New Roman" dubbelspasiëring, slegs op een kant van 'n A4-bladsy getik word.
- Indien moontlik moet die manuskrip per e-pos aan hsu@sun.ac.za versend word.
- Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied.
- Verwysings in teks:
 - As woordelike sitate, feite of argumente uit ander bronne aangehaal word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie en bladsynommer(s) tussen hakkies in die teks verskyn, bv. "... (Berger, 1967:1)
 - Bronverwysings: Bronne moet alfabeties volgens vanne van die outeurs aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Bibliografie" verskyn.

VOORWOORD

Die artikelformaat is gekies ooreenkomstig Regulasie A.7.2.3 vir die graad Magister Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk. Die artikel voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif Maatskaplike Werk / Social Work.

Die artikel is lank, omdat dit omvattende navorsing bevat en die navorser nie graag belangrike bevindinge wou uitlaat nie.

Die artikel beslaan 60 krediete uit 'n totaal van 188 krediete van die Magister Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk, kursus.

DIE ROL VAN DIE ONDERWYSER TEN OPSIGTE VAN DIE AANMELDING VAN SEKSUELE MISBRUIK

*Dr. Janine Delport, Meestersgraadstudent aan die Noordwes-Universiteit
(Potchefstroomkampus).*

**Dr. A.A. Roux, senior dosent by die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-
Universiteit (Potchefstroomkampus).**

**Dr. C.C. Wessels, senior dosent by die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-
Universiteit (Potchefstroomkampus).**

1. PROBLEEMSTELLING

Kinders bring ñ groot gedeelte van hul tyd deur by die skool. Shaffer (Louw *et al.*, 1998:352) stel dit soos volg: "Of all the formal institutions that children encounter in their lives away from home, few have as much of an opportunity to influence their behaviour as the schools they attend." In Suid-Afrika het elke persoon die reg op onderwys (Grondwet, 1996, Art. 29(1)(1)) en is kinders skoolpligtig tot die ouderdom van 15 jaar. Volgens die Suid-Afrikaanse Skoolwet, Wet 84 van 1996 is ñ kind skoolpligtig vanaf die ouderdom van sewe jaar tot die ouderdom van 15 jaar of wanneer ñ kind Gr.9 geslaag het. Onderwysers is die enigste ander persone behalwe die gesin wat op ñ daaglikse basis kontak het met kinders. Dent (1991:59) stel dit soos volg: "In school, teachers are *in loco parentis*, that is they exercise the duties of a parent not only to promote the general welfare and safety of a child but also to refrain from abuse and ill-treatment. They have no statutory power over children, but as citizens possess rights and duties with regard to them." Vir die tydperk wat die kind dus in die skool is, is die skool en die onderwysers verantwoordelik vir die welsyn van die kind.

Onderwysers kan ñ groot invloed uitoefen op kinders. Indien kinders probleme ervaar by hul huis, kan hul moontlik ñ onderwyser daarvan vertel. "Benewens sy taak om die kind met spesifieke leerprobleme te help, is die onderwyser dikwels ñpsigoloog vir baie kinders met huislike en persoonlike probleme" (Louw *et al.*,

1998:354). öHIV/Aids, teenage pregnancies, sexual abuse, alcohol abuse and drug abuse are the main social afflictions that have led to the implementation of life skill education in schoolsö (Ngwena, 2003:185). Daarom is dit nodig dat onderwysers weet hoe om hierdie probleme in skole te hanteer.

Seksuele misbruik is ñ sensitiewe saak. Indien ñ kind seksuele misbruik bekend maak, kan die wyse waarop ñ onderwyser daarop reageer ñ invloed uitoefen op die kind. Wilcox *et al.* (2004:338) noem dat öí sexual abuse is most damaging when it involves a betrayal of trust and the child is not listened to or believed in respect of the abuse.ö Dit is daarom nodig dat onderwysers weet hoe om te reageer op ñ kind se bekendmaking van seksuele misbruik. öVeral jonger kinders wat hul stories moet herhaal, begin later dink hulle word nie geglo nie en verander dan hul storiesö (Raubenheimer, 2007b:15). Behalwe dat onderwysers se reaksie nie kinders moet afskrik nie, moet onderwysers bewus wees van prosedures wat gevolg moet word om die kind te help. Daarom is dit ook nodig dat onderwysers weet watter hulpbronne tot hulle beskikking is.

Onderwysers het nodig om kennis te dra van sekere aspekte van seksuele misbruik. Eerstens moet onderwysers kennis dra van die omvang van die probleem. Verskeie statistiek kan weergegee word ten opsigte van seksuele misbruik. ñ Voorbeeld is die volgende: öí an average of more than 60 children are raped per day in South Africa. A further cause for concern is the decrease in the average age of both the child victim and the sexual offenderö (Reynecke & Kruger, 2006:74). ñ Groot probleem wat bestaan rondom statistiek van seksuele misbruik, is die feit dat seksuele misbruik ñ sensitiewe saak is en daarom nie altyd aangemeld word nie. Vermeulen en Fouché (2006:14) stel dit soos volg: öAs in all contexts it is difficult to obtain accurate figures on child abuse in South Africa due to the conspiracy of silence that surrounds violence against children. According to the Child Protection Units (SAPS, 1999), a child is molested every 25 minutes in South Africa.ö Hierdie is ongelukkig nog steeds nie ñ werklike beeld van die omvang van die problem nie, omdat öí it is estimated that 70% to 80% of all cases of sexual abuse are never reportedö (Vermeulen & Fouché, 2006:14).

Onderwysers moet weet wat bekendmaking van seksuele misbruik behels. "Two types of disclosure are discussed in the literature: accidental disclosure órevealed by chance rather than a deliberate effort on the victim's part; and purposeful disclosure ó when a child consciously decides to tell an outsider" (Sorensen & Snow, 1991:3). Indien hierdie bekendmaking nie korrek hanteer word deur die onderwyser nie, kan dit 'n nadelige uitwerking op die kind hê. Daar rus dus 'n groot verantwoordelikheid op onderwysers ten opsigte van die bekendmaking en aanmelding van seksuele misbruik. McIntyre (1990:303) noem egter die volgende in hierdie verband: "Teachers are empathetic towards abused children, but fear and lack of knowledge may make them hesitant about reporting abuse."

Daar rus egter 'n wetlike verpligting op onderwysers ten opsigte van die aanmelding van seksuele misbruik. Die *Children's Act (Act 38 of 2005, as amended)*, artikel 110, meld dat onderwysers verplig is om enige vermoede van mishandeling teenoor kinders aan te meld. Hierdie wetlike verpligting word nog verder versterk deur die *Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters Amendment Act, no. 32 of 2007)*, artikel 54, wat staaf dat enige persoon verplig is om enige vermoede van seksuele mishandeling aan te meld. Indien 'n persoon versuim om 'n vermoede van seksuele mishandeling aan te meld, kan hierdie persoon 'n boete opgelê word of selfs gevonnissen word. Hierdie wetlike verpligting veronderstel dat onderwysers oor genoegsame kennis beskik ten opsigte van die identifisering van seksuele misbruik. Brookes en Higson-Smith (2004:111) het 'n studie in Suid-Afrika gedoen wat meld dat skole nie akkuraat hul rol as verpligte aanmelders vervul nie, maar dat hul nietemin 'n belangrike rol in die identifisering en verwysing van die seksuele misbruik van kinders speel.

Daar is wel skole wat poog om die programme aan te bied om seksuele misbruik te voorkom, maar vir hierdie tipe programme is toestemming van ouers nodig. Die sensitiewe aard van die onderwerp maak dit egter moeilik. Louw (2000:29) is van mening dat: "In many communities, sexuality is a taboo subject and it is difficult for schools to get the support of parents and other major role-players, regarding sexuality education at schools." Selfs al is daar programme by skole wat seksuele misbruik probeer voorkom, is daar nog steeds kinders wat nie sal meedeel wat met hul gebeur nie, omdat "children are understandably reluctant to disclose information about

abuse. Sexual abuse is often very private, embarrassing and shameful topic to discuss and many children are unlikely to ever tell their story (Cronch *et al.*, 2006:196).

Kinders wat voorheen seksuele misbruik probeer bekend maak het, kan huiwer om dit weer bekend te maak omdat vorige bekendmaking 'n negatiewe reaksie ontloot het of 'n negatiewe invloed op hul lewe gehad het (Wicham & West, 2002:16).

Onderwysers wat werklik 'n passie het vir kinders en wat oor 'n geskikte kennisbasis rondom seksuele misbruik beskik, sal gedrag van kinders waarneem wat moontlik kan toon dat daar 'n moontlikheid bestaan van seksuele misbruik. Kinders, veral kinders wat seksueel misbruik is, is soms betrokke by abnormale seksuele gedrag met ander kinders. Onderwysers moet bewus wees van maniere hoe om hierdie gedrag te hanteer. In hierdie verband noem Sookha (2004:2) die volgende: 'the worst thing a parent or school could do, was to reprimand, humiliate or hit young children caught taking part in unusual behaviour.' In sulke gevalle sal die onderwyser met 'n geskikte kennisbasis weet waarheen om die saak te verwys.

Dit is nie moontlik vir 'n skool of onderwyser om 'n aanmelding van seksuele misbruik alleen te hanteer nie, maar 'the school occupies a central position from which it can make an important contribution to deal with the problem' (Louw, 2000:29). Indien onderwysers oor die nodige kennisbasis beskik, sal hul weet hoe om 'n aanmelding van seksuele misbruik te hanteer. Onderwysers kan ook deel uitmaak van die multi-professionele span en 'if approached properly by the investigators, these adults can be excellent sources for understanding the evolving disclosure from the child' (Pence & Wilson, 1994:42).

Net soos ander professionele persone is dit nodig vir onderwysers om selfondersoek te doen ten opsigte van hul houding en gevoelens rondom seksualiteit en seksuele misbruik. Ferrara (2002:187) noem ook dat onderwysers opleiding nodig om die aanmelding van seksuele misbruik te hanteer. Dent (1991:65) noem ook die volgende areas van opleiding vir onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik: 'Definitions and checklists of signs of abuse must be critically examined and listening and responding skills developed if a child-centred approach to this area of work is to be adopted in schools.'

In die lig van die voorafgaande, ontstaan die volgende navorsingsvrae:

- Wat is die kennisbasis van onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik?
- Hoe kan strategieë geïmplementeer word om onderwysers beter toe te rus om aanmeldings van seksuele misbruik te verwys?

2. DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die doelstelling van die navorsing is om die rol van die onderwyser ten opsigte van die aanmelding van seksuele misbruik te ondersoek.

Ten einde die genoemde doelstelling te bereik, word die volgende doelwitte gestel:

- om deur middel van 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek vas te stel wat die kennisbasis van onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik is;
- om deur middel van 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek vas te stel watter moontlike strategieë geïmplementeer kan word om onderwysers beter toe te rus om aanmeldings van seksuele misbruik te verwys.

3. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die kennisbasis van onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik is beperk. Indien onderwysers beter toegerus is om aanmeldings van seksuele misbruik te verwys, sal meer kinders wat seksueel misbruik word na professionele persone verwys word.

4. METODE VAN ONDERSOEK

4.1 LITERATUURONTLEDING

Volgens Fouché en Delpont (2005:123) is 'n literatuurstudie óf aimed at contributing towards clearer understanding of the nature and meaning of the problem that has been identified.ö 'n Literatuurstudie is onderneem om die kennisbasis van onderwysers ten opsigte van die aanmelding van seksuele misbruik te ondersoek. Literatuur rondom onderwysers se kennisbasis rondom aanmelding van aanmelding van seksuele misbruik in Suid-Afrika, is egter beperk. Literatuur van verwante vakterreine, onder andere psigologie, sosiologie en onderwys, is ter aanvulling van die literatuur uit eie vakgebied vir hierdie ondersoek gebruik.

Databasisse wat benut is, is die volgende: ERIC, NEXUS, Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels, Social Work Abstracts, Social Science Index, Psyclit en Dissertation Abstracts International.

4.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Gedurende die empiriese ondersoek, is die opname prosedure gebruik om kwalitatiewe data te bekom. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:47) omskryf dit soos volg: "Navorsingsmetode waarvolgens data versamel word uit 'n geselekteerde steekproef om die kenmerke of menings van die populasie te beskryf."

4.2.1 DIE NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp is die "plan van 'n navorsingsprojek waarvolgens data ingewin word om 'n hipotese te ondersoek of die doel te verwesenlik" (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995:37). Die navorsingsontwerp wat gedurende hierdie ondersoek benut is, was die verkennende navorsingsontwerp. Hierdie ontwerp word volgens Fouché en De Vos (2005:106), Mitchell en Jolley (2001:3) en Rubin en Babbie (2005:123-124) gebruik wanneer daar min inligting oor 'n onderwerp bestaan. Die doel van die verkennende navorsingsontwerp, volgens Babbie (2007:67), is om die onderwerp te verken en inligting en feite in te samel. Daar bestaan min navorsing rondom die kennisbasis van onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik en rondom strategieë wat geïmplementeer kan word om onderwysers toe te rus om aanmeldings van seksuele misbruik te verwys.

4.2.2 DEELNEMERS

Die deelnemers in hierdie ondersoek bestaan uit onderwysers van twee primêre skole, naamlik Laerskool Witrivier (Witrivier ó Mpumalanga) en *Glory Hill Primary School* (Graskop ó Mpumalanga). Vier onderwysers van elke skool het deelgeneem aan die ondersoek.

'n Nie-waarskynlikheidssteekproef is geneem. Daar is in hierdie ondersoek van toevallige steekproewe gebruik gemaak. Mitchell en Jolley (2007:287) en Strydom (2005a:202) praat ook van hierdie tipe steekproef as 'n gerieflikheidssteekproef of as 'n beskikbaarheidssteekproef en voeg by dat die proefpersone meestal diegene is wat die naaste en beskikbaarste is. Die navorser werk in hierdie geval saam met die skole op 'n gereelde basis in die dienslewering aan kinders.

4.2.3 MEETINSTRUMENT

Die volgende meetinstrument is in hierdie ondersoek gebruik:

- 'n Selfgestruktureerde onderhoudskedule om die kennisbasis van onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik vas te stel (**sien Addendum 1**).

Hierdie onderhoudskedule is gebruik gedurende persoonlike onderhoude met die onderwysers wat deelgeneem het aan die ondersoek. Die onderhoude is op band geneem.

Taylor (2005:41) noem die volgende ten opsigte van onderhoude: "Interviews give the researcher the opportunity to discuss and explore past events. They can also be useful ways of exploring sensitive experiences or topics, which might not be accessible through more structured questionnaire methods."

Strydom (2003:121) noem die volgende voordele van die persoonlike onderhoud en meer spesifiek die gestruktureerde onderhoud:

- Die inligting is georden.
- Agterdogtigheid kan deur middel van persoonlike kontak en verduideliking die hoof gebied word.
- Mensse gee meer geredelik hul samewerking tot die onderhoud, terwyl hul makliker 'n posvraelys weggooi.
- 'n Navorser kry vollediger antwoorde.

4.2.4 PROSEDURE

Die volgende prosedure is gevolg by hierdie ondersoek:

- **Die skole is geselekteer.** Die spesifieke skole is geselekteer omdat die navorser saam met die skole op 'n gereelde basis werk. Toestemming is van die skoolhoofde verkry om die ondersoek by die skole te onderneem. Die skoolhoofde het tydens 'n vergadering met die personeel, bekend gemaak dat die ondersoek onderneem word en daar is 'n beroep op onderwysers gedoen

om na vore te tree om deel te neem aan die ondersoek. Vier onderwysers by een skool en vyf onderwysers by die ander skool het na vore getree en hulself bereid verklaar om deel te neem aan die ondersoek. Die voordeel hiervan is dat hierdie onderwysers wou deelneem en dat hulle nie gedwing is om deel te neem nie.

- **Daar is ook 'n vooronderzoek onderneem in die ondersoek.** Volgens Strydom (2003:48) is die doel van 'n vooronderzoek om die navorser op hoogte te bring met die aard van 'n verskynsel of maatskaplike probleem met die oog op afbakening van die navorsingsterrein. Die vooronderzoek word uitgevoer as voorbereiding vir die hoofondersoek. Die vooronderzoek bestaan uit die bestudering van literatuur, die ervaring van deskundiges, 'n uitvoerbaarheidstudie, asook die toetsing van die meetinstrument.

'n Onderhoud is met een onderwyser gevoer, wat nie by die hoofondersoek betrek is nie. Daar is enkele veranderinge aangebring aan die onderhoudskedule om dit duideliker en vollediger te maak. Die onderhoudskedule is ook met die navorser se studieleier, Dr. Roux bespreek, sowel as met haar praktyksupervisor, Dr. L. Galloway, om hul mening rondom die volledigheid al dan nie daarvan te verkry. Voorstelle van deskundiges is dus in ag geneem om verandering aan te bring aan die skedule voordat dit in die hoofondersoek gebruik is.

Volgens Strydom en Delpont (2005:331) en Bless en Higson-Smith (1995:43) is die funksie van 'n vooronderzoek in 'n kwalitatiewe ondersoek die volgende:

- Dit help om sekere verskynsels vas te stel in die voorgenome ondersoek;
- Om vas te stel of die ondersoek uitvoerbaar is en of data bekom sal word;
- Toets die korrektheid van konsepte;
- Fokus op areas om die onderhoudskedule te verfyn;
- Verbeter die betroubaarheid van die ondersoek;
- Help om probleme te voorsien in dataversameling; en
- Bepaling van die tydsduur en koste van die ondersoek.

- **Die hoofondersoek is onderneem.** Die onderhoude is gevoer met die agt onderwysers as deel van die hoofondersoek.

4.2.5 ETIESE ASPEKTE

Tydens die navorsing is aan die volgende etiese aspekte aandag gegee:

- **Ingeligte toestemming.** Akkurate en volledige inligting ten opsigte van die doel van die ondersoek, die prosedures wat hiertydens gevolg sal word, die moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die deelnemers blootgestel kan word, is aan proefpersone verskaf (sien **Addendum 2**) (Strydom, 2005:56). Hiervolgens kon deelnemers self besluit of hulle wou deelneem of nie.
- **Beginsels van vertroulikheid, privaatheid en anonimiteit.** Tydens die ondersoek is daar deurgaans by die beginsels van vertroulikheid, privaatheid en anonimiteit gehou. Omdat inligting wat verkry is, sensitief van aard is, is dit uiters vertroulik hanteer (Neuman, 1997:453).
- **Etiese komitee.** Die navorsingsvoorstel is aan die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit voorgelê om te bepaal of die ondersoek aan die etiese beginsel voldoen al dan nie. Die Komitee het die ondersoek goedgekeur. Die Etiese Nommer is die volgende: NWU 6 0027-09-51.

4.2.6 DATAVERWERKING

Die data van die onderhoudskedule is kwalitatief van aard en is deur die navorser self verwerk. Onderhoude is op band geneem en deur die navorser getranskribeer.

5. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

5.1 ONDERWYSER

Die Wet op Indiensneming van Opvoeders (Wet 76 van 1998) omskryf 'n onderwyser/ opvoeder soos volg: "Educator means any person who teaches, educates or trains other persons or who provides professional educational services, including professional therapy and educational psychological services, at any public school, further education and training institution, departmental office or adult basic education centre and who is appointed in a post or any educator establishment under this Act."

Hierdie omskrywing wys uit dat 'n onderwyser 'n professionele diens lewer om leerders op te voed en onderrig te verleen.

5.2 AANMELDING

Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:1) omskryf aanmelding soos volg: "Proses waardeur bepaal word of 'n persoon as kliënt aanvaar kan word of na 'n ander hulpbron verwys moet word." Hierdie omskrywing is egter meer van toepassing op maatskaplike werkers, maar wat wel relevant is, is die feit dat 'n saak na 'n ander hulpbron verwys word. Odendal en Gouws (2005:7) omskryf aanmeld as die proses van bekendmaking. Vir die doel van hierdie studie, dui aanmelding op die onderwyser se rol om seksuele misbruik te rapporteer aan die polisie of aan 'n maatskaplike werker. Dit dui ook op die Wetlike verpligting van mense om 'n vermoede van seksuele misbruik by die polisie aan te meld.

5.3 SEKSUELE MISBRUIK

Barker (2003:393) omskryf seksuele misbruik soos volg: "The exploitation and mistreatment of children and adults in ways that provide erotic gratification for the abuser. Abusers tend to have serious psychological problems such as a personality disorder, paraphilia or another sexual disorder, or psychosis. Victims often cannot or are unwilling to understand or resist the advances of the abuser. Sexual abuse can include sexual intercourse without consent (or when the victim is younger than the age of consent), the fondling of genitalia, frotteurism, the taking or showing of pornographic pictures, and other forms of sexual acting out. Some social workers also include rape, seduction, sexual harassment, and sexual coercion as other forms of sexual abuse."

Die *Children's Act, 38 of 2005* (SA, 2005) omskryf seksuele misbruik, met betrekking tot 'n kind, soos volg in die definisies:

Seksuele misbruik, met betrekking tot 'n kind, beteken ó

- (a) seksuele molestering of die aanval van 'n kind of om toe te laat dat 'n kind seksueel gemolesteer of aangeval word;
- (b) aanmoediging, oorreding of afdwinging van 'n kind om gebruik te word vir die seksuele bevrediging van 'n ander persoon;

- (c) die gebruikmaking van ñ kind of die doelbewuste blootstelling van ñ kind aan seksuele aktiwiteit of pornografie;
- (d) verskaffing of die toelating van ñ kind om verskaf te word vir kommersiële seksuele uitbuiting of om op enige manier deel te neem aan die kommersiële seksuele uitbuiting van ñ kind.

Seksuele misbruik gaan oor die uitbuiting van kinders deur volwassenes / ouer persone met die doel om seksuele bevrediging te verkry. Daar is verskillende grade van seksuele misbruik wat wissel van ontbloting, onvanpaste aanraking tot verkragting.

6. BEPERKINGS VAN DIE ONDERSOEK

Delport en Fouché (2005:353) is van mening dat die navorser binne die kwalitatiewe konteks sy/haar waardes, vooroordele en posisie in die navorsingsverslag moet aandui. Beperkings en leemtes word vervolgens voorgehou:


- Steekproeftrekking: Die steekproeftrekking is op ñ nie-waarskynlikheids-basis geïmplementeer en was doelgerig deurdat die respondente aan spesifieke eienskappe moes voldoen. Die steekproeftrekking het dus by die oordeel van die navorser berus. Strydom (2005a:202) is van mening dat òf the individual researcher is obviously too prominent a factor in this type of sample.ö Die steekproef was dus relatief klein en subjektief gegewe die werwingsmetode. Bevindinge kan dus nie veralgemeen word na alle onderwysers se rol ten opsigte van seksuele misbruik nie.
- Voorondersoek: Aangesien die aantal respondente uit ñ relatief klein groepie bestaan het, het die navorser slegs een respondent bekom wat nie aan die navorsing deelgeneem het nie, om aan die voortoetsing van die meetinstrument deel te neem.
- Hoofondersoek: Slegs twee skole is by die hoofondersoek betrek, en dit is definitief ñ leemte ó daar kon meer skole betrek word by die ondersoek.

7. RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

7.1 IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE VAN DIE RESPONDENTE

- Geslag van die respondente


Diagram 1: Die geslagsverdeling van respondente in die ondersoek



Uit bogenoemde kan gesien word dat daar ewe veel mans (4) as vrouens (4) in die ondersoek ingesluit is.

- Die skool waar die respondente werksaam is


Diagram 2: Skole waar respondente skoolhou



Uit die bogenoemde kan gesien word dat daar ewe veel respondente by Laerskool Witrivier (4) as by Glory Hill Primary (4) skoolhou.

- **Ondervinding**

Diagram 3: Aantal jare ondervinding van respondente



Uit die bogenoemde is dit dus duidelik dat die meeste respondente, onderwysers is met baie jare ondervinding in die onderwys: twee (2) onderwysers het tussen 1 en 10 jaar ondervinding, twee (2) onderwysers het tussen 11 en 20 jaar ondervinding, twee (2) onderwysers het tussen 21 en 30 jaar ondervinding en twee (2) onderwysers het tussen 31 en 40 jaar ondervinding, en daarom is hul al moontlik blootgestel aan kinders met probleme, soos byvoorbeeld seksuele misbruik.

7.2 WEERGAWEN EN BESPREKING VAN RESULTATE VOLGENS VERSKEIE TEMAS

Die resultate van die onderhoudskedule word weergegee volgens vyf temas. Die vyf temas is die volgende:

- Tema een: Kennis rondom die indikatore van seksuele misbruik.
- Tema twee: Wyse waarop 'n onderwyser reageer op 'n bekendmaking van seksuele misbruik.
- Tema drie: Wetlike aspekte van die aanmelding van seksuele misbruik.
- Tema vier: Die prosedure by die aanmelding van seksuele misbruik.

- Tema vyf: Die behoefte aan meer opleiding van onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik.

Die resultate word vervolgens weergegee en bespreek:

7.2.1 TEMA EEN: KENNIS RONDOM DIE INDIKATORE VAN SEKSUELE MISBRUIK

Volgens Faller (2003:36) kan kinders wat seksueel misbruik is, moontlik simptome toon van hierdie traumatise gebeurtenis. Faller (2003:36) verdeel hierdie indikatore in twee kategorieë, naamlik seksuele simptome en nie-seksuele simptome. Hierdie twee kategorieë kan soos volg skematies uiteengesit word:

Skematiese voorstelling 1: Indikatore van moontlike seksuele misbruik

Indikatore van moontlike seksuele misbruik	
▪	Seksuele simptome
○	Seksuele gedrag
○	Uitermatige masturbasie
○	Seksuele interaksie met die portuurgroep
○	Seksuele aggressie teenoor jonger of meer naïewe kinders
○	Seksuele aanraking van ouer mense
○	Verleidelike gedrag
○	Promiskuiteit
○	Seksuele kennis
○	Opmerkings van ñ seksuele aard
▪	Nie-seksuele simptome
○	Afwykings soos slaapprobleme of eetprobleme
○	Emosionele probleme
○	Gedragsprobleme
○	Ontwikkelingsprobleme of probleme by die skool

(Aangepas vanuit Faller, 2003:36-51)

In die onderhoude is respondente gevra of hul kennis dra van die indikatore van seksuele misbruik. Vier van die respondente het geantwoord dat hul kennis dra van die indikatore van seksuele misbruik en vier respondente het geantwoord dat hul nie kennis dra van die indikatore van seksuele misbruik nie. Die respondente het bepaalde response verleen met betrekking tot hierdie vraag ter verduideliking:


- öDit gaan maar oor die seksuele gedrag van ñ persoon in nie-seksuele situasies. Wat hulle weet. En dan ook verandering in optrede, waar ñ kind baie goed was, sleg word in skoolwerk.ö

- "Dit is nou die bewyse. Dit wat die kind uitwys. Wel, ek kan dit agterkom aan 'n kind as hy ó hy is baie emosioneel in die klas. Jy kan sien ook aan sy puntestelsel. Ek dink ook partykeer jy kan aan sy houding sien in die klas." Moffatt (2003:73) noem die volgende in hierdie verband: "Changes in school performance might include improvements in academic work as well as poorer grades. Some children improve in their schoolwork because they believe that if they perform better on some task, such as their grades, the abuse will stop."

Kinders reageer verskillend op seksuele misbruik, maar oor die algemeen moet daar gelet word op enige verandering in gedrag. Fowler (2008:21) noem dat individuele gedragsverandering of emosionele indikatore nie alleen gebruik moet word om besluite te neem nie, maar dat dit as 'n aanduiding moet dien dat verdere ondersoek nodig is.

Die "Education Rights Project" het 'n boekie uitgegee wat die regte van leerders en opvoeders ten opsigte van seksuele geweld in skole weergee. In hierdie boekie word waarskuwingstekens uiteengesit wat onderwysers kan help om waar te neem indien kinders seksueel misbruik word, sowel as stappe wat geneem moet word deur die onderwyser. Dit word soos volg skematies uiteengesit:

Skematiese voorstelling 2: Waarskuwingstekens vir onderwysers om moontlike seksuele misbruik waar te neem by leerders



(Naylor,s.j.:24)

Daar is verder aan die respondente gevra, hoe hulle hierdie indikatore sal hanteer indien hulle dit sou waarneem. Twee van die respondente het nie die vraag geantwoord nie. Die ander respondente het bepaalde response verleen met betrekking tot hierdie vraag ter verduideliking:

- *o*n Mens sal maar eerste probeer om *n* gesprek met die kind te voer. Om te hoor wat die oorsaak is, want baie van die indikatore is ook indikatore van ander probleme. So *n* mens sal nie dadelik direk gaan na seksuele molestering toe nie. Maar *n* mens sal bietjie navorsing doen en met die kind praat, of met *n* maatjie praat wat die kind goed ken, sonder om te sê waarom dit gaan. As daar *n* boetie of *n* sussie is, met hulle gesels. Meer uitvind waar die persoon bly, wat die omstandighede daar is. Daardie tipe van ding. En dan basies die ding van daarvan verder vat. Die kind druk í die kind help dat dit aangemeld word of dan op die ou einde dit dan self gaan aanmeld.ö Die respondent het duidelik insig dat indikatore van seksuele misbruik ook indikatore van ander probleme kan wees. Wyatt (2007:148) noem die volgende in hierdie verband: *o*There is no compelling evidence that most childhood behaviour problems, including anxious behaviours, are due to sexual abuse. Research tells us that there is no standard way that children respond to sexual abuse. While thoughts, feelings and overt behaviour of an anxious nature are fairly common among some child victims, many others exhibit extreme sadness, conduct problems or other problems.ö Saywitz, Mannarino, Berliner & Cohen (2000:1041) is verder van mening dat *n* derde van kinderslagoffers van seksuele misbruik *o*í exhibit no measurable problems at all in their overt behaviour, thoughts or feelings.ö Dit is egter kommerwekkend dat die respondent met die kind se maats of sibbe sal gesels om uit te vind wat die probleem is. Die respondent wil selfs so ver gaan om uit te vind waar die kind woon en wat die omstandighede by die woning is. Dit wil voorkom asof die respondent rolverwarring ervaar.
- *o*Die eerste ding wat *n* onderwyser doen is om met die hoof te gaan praat daaroor. Of om met die personeellid aan diens wat met die *n*social servicesö werk, haar in kennis te stel, laat sy hulle laat kom en dit aanmeld. Om die kind, jy weet, om die geval te ondersoek.ö

- "Weet jy, as 'n kind nie met my direk praat nie. Party kinders het hy mos nie 'n vreeslike verhouding mee nie, omdat jy hulle min sien in die klas. Ons is bevoorreg, want ons het 'n maatskaplike werker by die skool self. So dan sal ek die maatskaplike werker kontak en vir haar sê sy moet bietjie vir my uitvind oor hierdie kind, oor sy omstandighede, want daar is goedjies wat my pla.ö
- "Ons het gelukkig die fasiliteit by die skool om direk met die maatskaplike werker te skakel, wat die kundigheid het om dit dan verder te neem.ö
- "Weet jy, ek sal die persoon aanmeld by die maatskaplike werker by ons skool. En vir haar vra of sy nie bietjie alleen met haar wil praat en dit bietjie verder wil navors nie.ö
- "In die eerste plek moedig 'n mens hulle aan om met iemand te praat. Nie noodwendig met myself nie. Maar met 'n onderwyser of 'n predikant of met wie hulle gemaklik voel.ö

Wat duidelik na vore gekom het uit die response van die respondente wat geantwoord het, is dat respondente van mening is dat hierdie indikatore ondersoek moet word. Die respondente van Laerskool Witrivier het ook verder die voordeel dat hulle 'n maatskaplike werker by hul skool het en dat hulle gevalle van seksuele misbruik na haar verwys vir verdere ondersoek.

Volgens Faller (2003:37&47) se indikatore van seksuele misbruik, is seksuele kennis en seksuele gedrag, twee van die moontlike indikatore van seksuele misbruik. Wyatt (2007:154) noem egter dat seksuele gedrag in jong kinders statisties normaal is. In 'n studie gedoen met meer as 'n 1 000 kinders wat nie seksueel misbruik is nie, is gevind dat seksuele gedrag, die volgende ingesluit het: "ó sexual self-stimulation, exhibitionism, sexually rubbing up against someone and other behaviors were reported by their as fairly common ó too common to be employed as markers of sexual abuseö (Friedrich *et al.*, 1998:101).

Daar kan ook nie dadelik 'n afleiding gemaak word van seksuele misbruik as 'n kind oor seksuele kennis beskik nie. In die hedendaagse samelewing word kinders blootgestel aan beelde in tydskrifte, televisie, internet en ander media. Wyatt

(2007:155) stel dit soos volg: "Thus, what has historically been thought to be a marker for sexual abuse must be discarded."

Wat egter wel voorkom uit hierdie ondersoek en uit die literatuur is dat kinders wat oor seksuele kennis beskik of seksuele gedrag toon, moontlik kan dui op seksuele misbruik en dat verdere ondersoek nodig is. Smit (2007:78) noem die volgende in hierdie verband: "Children who demonstrate specific age-inappropriate sexual behaviour or knowledge, or who make sexual statements, need to be evaluated for sexual abuse."

Daar is verder aan die respondente gevra hoe hulle byvoorbeeld sal reageer as 'n kind in hul klas masturbeer. Een van die respondente het genoem dat sy dit al ervaar het by 'n vorige skool. Drie van die respondente het nie die vraag beantwoord nie en die ander vier respondente het dit nog nie beleef nie, maar uit hul response het dit wel na vore getree dat die respondente die verskynsel so sensitief as moontlik sal hanteer. Twee van die ander respondente se response kan soos volg weergegee word, ter verduideliking:

- "Ek sal nooit voor 'n groep vir hom sê wat is jy besig om te doen nie. Want ek besef dit kan baie í 'n kind kan vreeslik aanvallend voel, omdat jy dit doen. Daar is seker onderwysers wat dit sal doen. Wat met die kind sal raas, prontuit í kliphard. Maar ek sal na hom toe gaan en saggies vir hom sê: "Wat maak jy?" Of na die tyd hom of haar agter hou en vra."
- "Ek dink persoonlik, 'n mens sal so 'n kind een kant to neem en vra hoekom doen jy dit. Wat is die rede daarvoor. Wil jy met my praat? Wil jy met die maatskaplike werker praat? Met wie wil jy praat? Ek dink nie 'n mens moet "overboard" gaan met so 'n situasie nie, want daar moet altyd 'n rede daarvoor wees."

Masturbasie is normale seksuele gedrag. Smit (2007:78) stel dit soos volg: "Once children find that touching their own body feels good, they might repeat the activity and become engaged in masturbation. Masturbation as such is therefore not a direct indication of sexual abuse in children." Faller (2003:38) noem dat volwassenes wat 'n kind sien masturbeer, moet aan die kind erkenning gee dat dit goed voel, maar om verder te verduidelik dat dit 'n aktiwiteit is wat in privaatheid moet geskied. Die

navorser is egter van mening en die respondente het dit ook oorgedra dat 'n kind wat in die klaskamer masturbeer, verdere ondersoek benodig.

Smit (2007:78) en Faller (2003:38) noem egter dat uitermatige masturbasie moontlik 'n aanduiding van moontlike seksuele misbruik kan wees. Faller (2003:38) noem die volgende tekens van uitermatige masturbasie: (a) compulsive masturbation (i.e. the child cannot stop); (b) inflicting injury while masturbating (also an indication that this is compulsive behaviour); (c) masturbating several times in a day; (d) inserting an object into the vagina or anus during masturbation; and (e) masturbating when upset and feeling vulnerable.

Uitermatige masturbasie is een van die seksuele simptome wat 'n moontlike indikator van seksuele misbruik kan wees. "Some children who have been sexually abused have inappropriate sexual behaviors and others have aggressive or highly problematic sexual behaviour. However, it should be noted that the majority of children who have been sexually abused do not have subsequent inappropriate or aggressive sexual behaviors" (National Centre on Sexual Behavior of Youth, 2004:3).

Dit is belangrik om in ag te neem dat indikatore van seksuele misbruik, ook indikatore van ander traumatise gebeure (soos byvoorbeeld die afsterwe van iemand) kan wees of dat kinders seksuele gedrag in media (soos byvoorbeeld televisie) waargeneem het. Die feit dat kinders gedrag toon wat hierdie indikatore toon, moet nie dadelik 'n gevolgtrekking van seksuele misbruik gemaak word nie. Indien kinders enige indikatore toon, is verdere ondersoek wel baie belangrik.

Faller (2003:51) noem ook dat daar kinders is wat seksueel misbruik word, maar wat nie enige tekens toon nie. Dit word a-simptomatiese kinders genoem (Berliner, 2002:206). Dit is maklik om aan te neem dat hierdie kinders nie deur hul misbruik geaffekteer word nie (Barker & Hodes, 2007:39), maar Faller (2003:51) noem in hierdie verband die volgende: "It is more likely that the effects are subtle or are delayed or that the child has been well socialized by the offender, and in some cases by the family, not to reveal signs of her or his distress." Dit is dus moeilik om hierdie kinders te identifiseer in die klaskamer, omdat hulle nie enige simptome toon nie.


7.2.2 TEMA TWEE: WYSE WAAROP 'N ONDERWYSER REAGEER OP 'N BEKENDMAKING VAN SEKSUELE MISBRUIK

Volgens Cronch *et al.* (2006:196) is dit verstaanbaar dat kinders huiwerig sal wees om misbruik bekend te maak, omdat seksuele misbruik ñ private, pynlike en skandelige onderwerp is om te bespreek en baie kinders sal nooit hul storie vertel nie. Babiker en Herbert (1998:232) het ñ studie gedoen waar 44% van psigiatriese pasiënte nie hul seksuele misbruik bekend gemaak het voodat hul terapie ontvang het nie. Navorsing wat in die VSA gedoen is, het getoon dat 29% van die meisies in die studie wat seksueel misbruik is, nooit iemand vertel het van die incident nie (Diaz & Manigat, 1999:142).

In die literatuur word daar twee soorte bekendmaking bespreek, naamlik ñaccidental disclosure ó revealed by chance rather than a deliberate effort on the victim's partö (Sorensen & Snow, 1991:3) en ñpurposeful disclosure ó when a child consciously decides to tell an outsiderö (Sorensen & Snow, 1991:3). Volgens Bruck, Ceci & Shuman (2005:195) is die bekendmaking van seksuele misbruik ñ voortgesette proses. Dit kan begin met ñ aanvanklike, dramatise eerste stap, of dit kan manifesteer as ñ reeks tentatiewe onthullings, sinspelings en ondersoeke. Salter (1995:231) noem verder dat die kind as ñ verraaier gesien word deur sy familie, omdat hy/sy vir vreemdelinge vertel het, en hierdie kind word soms gedwing om sy bekendmaking terug te trek.

Volgens Sorensen en Snow (1991:4) is daar vier veranderlikes in die bekendmakingsproses en dit kan skematies soos volg voorgestel word:

Skematiese voorstelling 3: Die bekendmakingsproses



(Aangepas vanuit Sorenson & Snow, 1991:4)

Die vier veranderlikes kan soos volg verduidelik word:

- **Ontkenning:** Die kind se aanvanklike verklaring aan enige individu is dat hy/sy nie seksueel misbruik word nie (Sorenson & Snow, 1991:4).
- **Bekendmaking:** Hierdie veranderlike bestaan uit twee fases, naamlik tentatiewe bekendmaking, wat verwys na die kind se gedeeltelike, onduidelike of aarselende erkenning van seksuele mishandeling (Sorenson & Snow, 1991:4; Fouché, 2006:212) en aktiewe bekendmaking verwys na 'n persoonlike erkenning deur 'n kind wat 'n spesifieke seksuele misbruik ervaar het (Sorenson & Snow, 1991:4; Fouché, 2006:212).
- **Terugtrekking:** Verwys na die kind se terugtrekking van 'n vroeër bewering van misbruik wat formeel gemaak is en oor 'n periode gehandhaaf is (Sorenson & Snow, 1991:4).
- **Herbevestiging:** word omskryf as die kind se herhaling van die geldigheid van 'n vorige verklaring van seksuele misbruik, wat teruggetrek is (Sorenson & Snow, 1991:4).

Dit is dus duidelik dat die bekendmaking van seksuele misbruik nie maklik gebeur nie en dat dit nie 'n eenvoudige en eenmalige gebeurtenis is nie. Omdat seksuele misbruik 'n sensitiewe saak is, is kinders soms huiwerig om seksuele misbruik bekend te maak. As 'n kind wel seksuele misbruik bekendmaak, kan dit doelbewus wees of per ongeluk. Kinders kan dan ook later die bekendmaking terugtrek, omrede hul

gedreig word of omdat die persoon se reaksie op die bekendmaking negatief was. Verder kan ñ kind ook seksuele misbruik ontken, en laastens kan ñ kind later herbevestig dat seksuele misbruik wel plaasgevind het.

ñ Belangrike aspek by die bekendmaking van seksuele misbruik wat nie uit die oog verloor moet word nie, is hoe die persoon aan wie die kind die seksuele misbruik bekendmaak daarop reageer. Wilcox *et al.* (2004:338) noem in hierdie verband die volgende: òf sexual abuse is most damaging when it involves a betrayal of trust and the child is not listened to or believed in respect of the abuse.ö

Daar is in hierdie ondersoek aan die respondente gevra hoe hul sal reageer op ñ kind wat bekendmaak dat hul seksueel misbruik word. Die respondente se response kan soos volg weergegee word:

- òEk is baie simpatiek met sulke kinders en ek luister graag en ek wil graag help en ek wil hê dat die kind moet verstaan dat dit vertroulik sal wees en dat ek daar is om te help en dat hy my maar kan vertrou. Ek dink baie keer is hulle maar bang om te praat, bang dit kom terug na hulle toe.ö Uit hierdie respondent se respons is dit duidelik dat die respondent verstaan dat ñ persoon ñ kind se bekendmaking sensitief hanteer moet word en dat ñ kind wat bekendmaak se vertroue behou moet word. Spies (2006:48) noem in hierdie verband die volgende: òIf the confidantes of the disclosed information communicate understanding and support in words and action, children will feel more comfortable about revealing their problem.ö
- òSo, ek dink jy moet die kind baie sensitief behandel.ö Arata (1998:63) noem die volgende in hierdie verband: òStudies have found that children need support and stress-reducing resources after disclosure of sexual abuse.ö Onderwysers kan die nodige ondersteuning bied aan kinders wat seksuele misbruik bekend gemaak het. Die kind het reeds getoon dat hy die onderwyser vertrou ó deurdar hy gekies het om die seksuele misbruik aan die onderwyser bekend te maak ó die onderwysers kan dus op hierdie vertroue bou en ondersteuning bied aan die kind.

- Ons tree baie ernstig op, ek sien dit in 'n baie ernstige lig. Al is daar van die dogters wat dit partykeer doen om aandag te soek, moet 'n ou nog steeds daaraan aandag gee. 'n Mens kan dit nie net ligtelik opneem nie. Hierdie respondent se respons dui daarop dat die respondent van mening is dat sommige kinders seksuele misbruik bekendmaak om aandag te soek. Die respondent noem egter dat 'n persoon nogtans aandag daaraan moet skenk.
- Ek sal definitief baie simpatiek staan daarvoor en vir die kind tyd probeer gee, want dit is baie moeilik om daarvoor te praat en ek sal die kind glo. Gries *et al.* (2000:30) en Kogan (2005:26) stel dit soos volg: "Children who received supportive responses following disclosure had less traumatic symptoms and were abused for a shorter period of time than children who did not receive support."

Seksuele misbruik is 'n traumatise gebeurtenis in 'n kind se lewe en vir 'n kind om te besluit om hierdie misbruik bekend te maak is meestal 'n moeilike besluit. Die reaksie van die persoon aan wie die bekendmaking gemaak word, kan soms verdere trauma vir die kind inhou. Ullman (2003:90) noem die volgende in hierdie verband: "Negative social reactions to disclosure have actually been found to be harmful to the survivor's well being." Vir 'n kind wat besluit om seksuele misbruik bekend te maak, is daar niks erger as dat niemand na hom/haar luister nie, of dat niemand hom/haar glo nie. Conradie en Tanfa (2005:8) noem dat onderwysers soms onvanpas reageer op die bekendmaking van seksuele misbruik of dat skole soms faal om op te tree en dit kan kinders mismoedig maak om hulp te soek.

Indien 'n kind die moed bymekaar gemaak het om seksuele misbruik bekend te maak en die reaksie wat hy ontvang, is nie die reaksie wat hy verwag het nie en hy word nie ondersteun nie, sal hy dit nie weer bekend maak nie, daarom is onderwysers se reaksie op bekendmaking van seksuele misbruik so krities belangrik. Onderwysers moet bedag wees op hul reaksie wanneer kinders seksuele misbruik bekend maak, want dit kan nadelige gevolge hê indien kinders nie voel dat die onderwysers die nodige aandag skenk aan die bekendmaking nie.

7.2.3 TEMA DRIE: WETLIKE ASPEKTE VAN DIE AANMELDING VAN SEKSUELE MISBRUIK

Daar is twee sleutel internasionale instrumente wat deur Suid-Afrika onderteken is, wat die misbruik van kinders, aanspreek, naamlik:

- *The United Nations Convention on the Rights of the Child*. Artikel 19 omskryf spesifiek die regte van kinders ten opsigte van vryheid van geweld, mishandeling en verwaarlosing.
- *The 1990 African Charter on the Rights and Welfare of the Child*. Dit erken die regte van die kinders ten opsigte van die vryheid van mishandeling en verwaarlosing, regte tot behandeling, ouerlike versorging en die beskerming van seksuele uitbuiting.

Nasionale wetgewing erken ook die regte van die kind ten opsigte van beskerming:

- *Bill of Rights – South African Constitution (Act no. 108 of 1996)*. Artikel 28 gee spesifiek aandag aan die regte van kinders ten opsigte van die vryheid van mishandeling en verwaarlosing.
- *Children’s Act (No. 38 of 2005)* wat aandag skenk aan ñ wye verskeidenheid plasingmoontlikhede van kinders wat sorgbehoewend bevind is, verpligte aanmelding en wat ook voorsiening maak vir ñ Kinder Beskermings Register.
- *Sexual Offences and Related Matters Amendment Act (No. 32 of 2007)* – *section 54*, wat bekendmaking van seksuele misbruik verpligtend maak en verder persone wat dit nie aanmeld nie, ook aanspreeklik hou en wat kan lei tot ñ boete of inhegtenisname.

Alhoewel verskeie wetgewing aandag skenk aan die regte van kinders ten opsigte van die beskerming teen mishandeling, het die navorser besluit om met die onderhoudskedule slegs na een Wet te verwys. Die keuse het geval op die *Sexual Offences and Related Matters Amendment Act (No. 32 of 2007)*, omdat hierdie Wet spesifiek aandag skenk aan seksuele misbruik en die verspligte aanmelding van seksuele misbruik.

Daar is eerstens aan die respondente gevra of hul kennis dra van die bogenoemde Wet. Vyf van die respondente het nie kennis gedra van die Wet nie. Twee van die

respondente het kennis gedra van die Wet en een respondent was twyfelagtig en noem die volgende: "In 'n mate is 'n ou nie direk bewus van dit nie. Ek het dit nog nie gelees nie, maar uit die aard van die beroep, weet 'n ou dat 'n mens nie so iets oor die hoof sien nie." Dit dui daarop dat alhoewel die respondent nie die Wet gelees het nie, hy tog bewus is van die feit dat 'n aanmelding van seksuele misbruik nie oor die hoof gesien kan word nie.

Vervolgens is die respondente gevra wat hulle mening is oor die Wet en hulle wetlike verpligting om 'n vermoede van seksuele misbruik aan te meld. Indien respondente nie kennis gedra het van die artikel in die Wet wat daarna verwys nie, het die navorser die artikel voorgelees. Die inhoud van die artikel is soos volg:

Obligation to report commission of sexual offences against children or persons who are mentally disabled.

54(1)(a) A person who has knowledge that a sexual offence has been committed against a child must report such knowledge immediately to a police official.

54(1)(b) A person who fails to report such knowledge as contemplated in paragraph (a), is guilty of an offence and is liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both a fine and such imprisonment.

Die respondente se reaksies was oor die algemeen positief rondom hierdie aspek. Die respondente toon egter insig in die feit dat die aanmelding van seksuele misbruik nie 'n eenvoudige saak is nie. Een van die respondente noem die volgende: "Die enigste probleem is, wanneer weet jy 100% of dit die geval is as die kind dit nie self erken nie. So, behalwe as die kind dit erken. Op watter punt kan ek as 'n leek sê hierdie kind word seksueel aangerand. So, hmmm dit maak die aanmelding daarvan moeilik. Ek sal eerder sê dat dit wat meer gebeur is dat jy op 'n punt kom wat jy 'n professionele persoon inbring, om die kind professioneel te ondersoek. Iemand soos 'n sielkundige of 'n maatskaplike werker om 'n onderhoud met die kind te voer om

seker te maak. Eerder as om dit fisies by die polisie te gaan aanmeld.ö Wat belangrik is uit hierdie respons is dat die respondent besef dat daar professionele persone is wat weet hoe om kinders te assesseer wat seksueel misbruik is, en dat die respondent dit nie net sal ignoreer nie, maar sal verwys na professionele persone.

∓n Ander respondent noem die volgende: öEk hoor wat jy nou vir my sê, maar dis hoekom ek sê dat ek dit by ons maatskaplike werker by die skool sal aanmeld, wat die situasie kan hanteer. Ek dink dit is ∓n baie goeie ding, want mense is gewoonlik te bang om betrokke te raak. En nou verplig jy hulle om êrens ∓n optrede te neem.ö Hierdie respons toon dat mense bang is om betrokke te raak, maar hierdie Wet dwing mense om ∓n vermoede van seksuele misbruik aan te meld, anders kan hulle aanspreeklik gehou word daarvoor.

McIntyre (1990:301) noem dat öteachers are empathetic toward abused children, but fear and lack of knowledge may make them hesitant about reporting abuse.ö Net soos ander professionele persone wat met seksuele misbruik werk, is dit nodig vir onderwysers om selfondersoek te doen ten opsigte van hul houding teenoor seksuele misbruik. Taylor & Lloyd (2001) stel dit soos volg: öAttitudes and beliefs towards child sexual abuse is a major area of child abuse that has been shown to adversely affect reporting behaviour among professionals, including teachers. Both teacher attitude and lack of knowledge have been identified as significant where child sexual abuse is concerned.ö

Daar word aanvaar dat skole ∓n verantwoordelikheid het om leerders te beskerm en dat hul aanspreeklik gehou sal word as hulle dit nie doen nie. Daar is egter verskeie redes waarom skole nie seksuele misbruik aanmeld nie, en die Departement van Onderwys (2002:2) noem die volgende redes:

- Baie leerders vind dit moeilik om te praat, omdat hulle bang is dat daar ∓n stigma aan hulle gaan kleef;
- Vrees dat niemand hulle gaan glo nie;
- Vrees dat hulle geblameer gaan word vir die misbruik;
- Waar ∓n onderwyser die oortreder is, kan die magsverhouding die leerder intimideer;

- Sommige leerders vind dit moeilik om oor seksuele onderwerpe met volwassenes te praat, hetsy oor kulturele of ander redes;
- Daar is ook skole wat hulle reputasie in die gemeenskap wil beskerm en daarom word insidente van seksuele misbruik nie altyd ernstig opgeneem en opgevolg nie; en
- Skole voel soms onseker oor die stappe wat gevolg moet word by die aanmelding van seksuele misbruik.

Die aanmelding van seksuele misbruik is nie 'n eenvoudige saak nie, al rus daar 'n wetlike verpligting op mense. As gevolg van die sensitiewe aard van seksuele misbruik wil mense nie betrokke raak nie. Alhoewel onderwysers simpatiek staan teenoor die kind wat seksueel misbruik word, kan vrees en 'n tekort aan kennis daartoe aanleiding gee dat hulle aarsel om die seksuele misbruik aan te meld.

7.2.4 TEMA VIER: DIE PROSEDURE BY DIE AANMELDING VAN SEKSUELE MISBRUIK

Daar kon nie in die literatuur enige riglyne opgespoor word vir die prosedure by die aanmelding van seksuele misbruik nie. Die enigste riglyne wat opgespoor kan word, was riglyne van die aanmelding van seksuele geweld of teistering wat binne die skoolopset plaasvind: *Department of Education. Republic of South Africa. 2008. Guidelines for the prevention and management of sexual violence and harassment in public schools.* Hierdie riglyne help egter net indien die misdaad in die skoolomgewing plaasgevind het.

Die *Department of Basic Education* het gedurende Julie 2010 'n handboek bekendgestel vir leerders oor hoe om seksuele misbruik te voorkom in skole: "Speak out. Youth Report Sexual Abuse. A handbook for learners on how to prevent sexual abuse in public schools." Hierdie handboek is egter nog meestal net op die internet beskikbaar en is nog nie by skole versprei nie. Al bestaan daar dus hulpbronne moet hierdie hulpbronne versprei word na die onderwysers en na die leerders toe.

Ferrara (2002:187) noem die volgende ten opsigte van die prosedure by die aanmelding van seksuele misbruik: Spontane bekendmakings moet verwys word na

die toepaslike personeellid in die skoolgebou, en enige gesprek of onderhoud wat met die kind gevoer word ná die bekendmaking, moet woordeliks neergeskryf word.

Onderhoude wat gevoer word, moet ooreenkomstig 'n gestandaardiseerde onderhoudformaat vir seksuele misbruik, gevoer word (Faller, 1998; Kuehnle, 1996).

“When a formal abuse report is made, a designated school official should be notified in case follow-up meetings with child protective teams, parents, or other staff members are needed. If staff members are not trained to deal with sexual abuse issues, they should make appropriate community referrals. The procedural steps of abuse reporting should comply with the school district’s policy manual, as well as with legal mandates.” Dit veronderstel dat elke distrik 'n riglyn het wat sal aandui watter prosedure gevolg moet word by die aanmelding van seksuele misbruik. Verder veronderstel dit dat onderwysers bewus sal wees van die riglyne en sal weet wat die prosedure is by die aanmelding van die seksuele misbruik.

Die respondente is gevra wat die prosedure is, wat gevolg word by die bekendmaking van seksuele misbruik van 'n kind. Die response word vervolgens weergegee:

- “Ek sal heel eerste na my hoof toe gaan en dan sal ons ook verseker die maatskaplike werker inroep, sodat ons die regte prosedures van haar af kan kry. En as ons haar nie in die hande kan kry nie, dan die kindermishandelingsafdeling van die polisie. Ek sal heel eerste met die maatskaplike werker praat, omdat ons hierso so 'n goeie verhouding het met mekaar, sal ek haar heel eerste inroep.”
- “Hmí heel moontlik dat 'n mens polisiestatie toe gaan en dit aanmeld. 'n Klag lê, basies.”
- “Heel eerste sal dit uit die aard van die saak in camera gehou word. Ek sal my bestuursliggaam, onderwysers verantwoordelik en koördineerders bymekaar roep. Ons sal die bestuursliggaam in kennis stel. En dan so gou as moontlik die maatskaplike werker, asook die polisie. Ek sal hulle dadelik in kennis stel.”
- “In die skoolproses, sal ek dadelik na die personeellid toe gaan wat met die sosiale werkster werk en na die hoof toe, want hy moet ook kennis neem daarvan.”

- òWel soos ek jou sê, ek sal í as die kind nou vir my kom vertel so iets het met hom gebeur of ek vermoed dalk so iets kan, want hulle sal baie keer í kyk dit gebeur nie baie nie, ek het nog min kinders gehad wat regtig vir my so iets prontuit gesê het, maar sal ek eers bietjie met hulle gesels en dan sal ek hulle na die maatskaplike werker toe verwys.ö
- òWat normaalweg gebeur. Elke graad het ñn graadhoof. Hmmmí begin by die registeronderwyser wat voor elke klas staan. Die registeronderwyser wat elke dag fisies die kind sien. Wat dit dan rapporteer aan ñn graadvoog. En dan rapporteer ons verder met ons opvoedkundige leiding departementshoof en dan ons maatskaplike werker, wat dan die saak verder hanteer.ö
- òEk sal die kind dadelik na die maatskaplike werker verwys, omdat sy weet wat om te doen. Dit is ons raad by die skool ook.ö
- òGewoonlik word dit by die maatskaplike werker aangemeld, omdat hulle meer weet as onself en ook die saak op ñn baie meer professionele wyse kan hanteer.ö

Sewe van die respondente maak melding dat hul dit sal aanmeld by die maatskaplike werker. Een van die respondente noem dat hy dadelik polisiestatie toe sal gaan en dit sal aanmeld. Vier van die respondente is in die bevoorregte posisie dat daar ñn maatskaplike werker in diens is by hulle skool, wat die proses van aanmelding vir hul vergemaklik. Die respondente noem egter verskillende prosedures by die aanmeldingsproses, party van die respondente noem dat hul dit by die hoof sal aanmeld en ander respondente praat van graadhoofde wat ingelig gaan word en ander praat slegs van die polisie of die maatskaplike werker. Wat wel blyk uit die respondente se antwoorde is dat daar nie vaste riglyne vasgelê is vir hulle om te volg by die aanmelding van seksuele misbruik nie. Wat verder afgelei kan word, is dat die respondente nog nie baie in die posisie was waar kinders by hul seksuele misbruik aangemeld het nie en dat hulle nog nie blootgestel is aan die proses nie.

Ratlhagane (2002:90) noem die volgende in hierdie verband: òEducators have limited power in decision making once the case of suspected abuse has been referred for investigation. There is scarcity of literature on how child sexual abuse should be identified and reported by schools and what unique role the school should play in the

management of child sexual abuse. As a result of their knowledge deficiencies in child sexual abuse, educators do not perceive themselves qualified to deal with such matters. They tend to leave the responsibility for sexually abuses children to child welfare professionals.ö Uit hierdie aanhaling kan gesien word dat onderwysers nie altyd oor voldoende kennis beskik om die aanmelding van seksuele misbruik te hanteer nie en daarom sal hul eerder ñn saak van seksuele misbruik verwys. Dit blyk dus dat onderwysers sal voordeel trek uit meer opleiding.

7.2.5 TEMA VYF: DIE BEHOEFTE AAN MEER OPLEIDING VAN ONDERWYSERS TEN OPSIGTE VAN SEKSUELE MISBRUIK

Dit is belangrik dat onderwysers weet hoe om ñn aanmelding van seksuele misbruik te hanteer, omdat onderwysers baie tyd saam met kinders deurbring. Ratlhagane (2002:90) noem die volgende in hierdie verband: öí sexual abuse cases can be managed better within the school because there is continued contact between educators and children.ö Dit is belangrik dat onderwysers oor voldoende kennis moet beskik om die aanmelding van seksuele misbruik te hanteer en Ferrara (2002:187) stel dit soos volg: öí .all school personnel need to be qualified to proceed appropriately in the event that a child discloses to them.ö

Daar is aan die respondente gevra of hulle dink dat onderwysers meer opleiding benodig om seksuele misbruik te hanteer. Al agt respondente was van mening dat onderwysers meer opleiding benodig om seksuele misbruik te hanteer. Van die respondente het genoem hoekom hulle dink daar meer opleiding nodig is vir onderwysers. Hierdie response word vervolgens weergegee:

- öEk dink dat ñn mens dink jy kan ñn situasie hanteer en jy weet wat is die regte stappe en goed. Maar in vandag se lewe as jy kyk na hofsake en goed. As jy een dingetjie verkeerd doen, kan ñn skuldige persoon skotvry aan die ander kant uitkom.ö Dit is ook nodig om ñn korrekte prosedure te volg om so min as moontlik skade aan te rig aan die slagoffer. Vermeulen en Fouché (2006:14) noem die volgende in hierdie verband: öIt is easy to convince children that if they disclose their sexual abuse, they are the one who will be despised or punished for it. It is therefore up to the caring professions to ensure that as much as possible is known so as to enable prevention and early intervention.ö

Onderwysers benodig ook meer opleiding om voorkoming- en vroeë intervensiedienste te lewer. Terreblanche (2002:5) gee voorstelle hoe kindermishandeling en meer spesifiek seksuele misbruik aangespreek kan word en sy noem dat skole meer lewensvaardigheidsprogramme moet aanbied en dat daar ook 'n "hotline" by skole ingestel moet word waar kinders kan aanmeld.

- "Ek dink so, want as jy lees dat een uit elke tien kinders miskien gemolesteer word, dan is daar te min sulke gevalle wat regtig reg hanteer word. Dit word maar verswyg, en 'n mens gaan nou maar net aan." Hierdie respondent maak melding van statistiek van seksuele misbruik en maak verder ook melding daarvan dat te min aanmeldings van seksuele misbruik reg hanteer word, en dat mense dit verswyg. Raubenheimer (2007a:10) gee die volgende statistiek weer: "Volgens Solidariteit word 'n kind elke 24 minute in Suid-Afrika verkrag en wore een elke agt minute gemolesteer." Ongelukkig is hierdie statistiek nie heeltemal akkuraat nie, omdat nie alle gevalle van seksuele misbruik aangemeld word nie, soos Premdev (2007:4) dit stel: "The reported figures only give us part of the picture. Research suggests that the extreme majority of sexual offences are not reported to the police." Smith (2008:vii) noem ook dat akkurate statistiek van seksuele misbruik is nie moontlik nie, omdat te min gevalle aangemeld word, en Goldstein (1999:38) noem dat dié sake wat wel aangemeld word, is "only the tip of the iceberg."

Onderwysers het die reg om voldoende opleiding te ontvang, sodat hulle hul wetlike verpligting kan nakom (Taylor & Lloyd, 2001). Verskeie skrywers meld dat die opleiding wat onderwysers ontvang rondom kindermishandeling sowel as verpligte aanmelding minimaal en onvoldoende is (Kenny, 2004:1316; Ratlhagane, 2002:89; Taylor & Lloyd, 2001).

'n Aspek wat veral aandag moet geniet tydens opleiding, is die manier waarop onderwysers die bekendmaking van seksuele misbruik hanteer. Navorsing toon aan dat onderwysers nie altyd weet hoe om te reageer op kinders se bekendmaking van seksuele misbruik nie. Volgens Brookes en Higson-Smith (2004:123) het die kwessie van seksuele misbruik onder onderwysers se aandag gekom as gevolg van die kind wat teenoor die onderwysers 'n bekendmaking gedoen het. Verdere navorsing toon

dat 8% van onderwysers nie reageer wanneer 'n kind seksuele misbruik bekend maak nie en gevolglik word talle sake nie aangemeld nie (Collings, 2005:16). Indien onderwysers die nodige opleiding ontvang aangaande bekendmaking, kan hierdie persentasie verminder.

Daar is vervolgens aan die respondente gevra watter formaat hulle sou voorstel vir die opleiding. Die formaat van die verdere opleiding van onderwysers, word deur die respondente voorgestel as werkswinkels, praatjies by die skool, uitdeelstukke, om deel uit te maak van die kurrikulum op Universiteit, om 'n gesiglose onderhoud waar te neem en hierdie verdere opleiding moet inligting weergee rondom die Wetlike aspekte en die indikatore van seksuele misbruik.

Randolf en Gold (1994) het 'n studie onderneem met 21 onderwysers wat deelgeneem het aan 'n werkswinkel, waar hulle geleer het om die indikatore van seksuele misbruik te identifiseer en hoe om te reageer op die bekendmaking van seksuele misbruik. Die 21 onderwysers het na die werkswinkel weergegee dat hul baie meer bemagtig voel om die indikatore van seksuele misbruik te identifiseer en dat hulle sal weet hoe om te reageer op die bekendmaking van seksuele misbruik.

Ratlhagane (2002:90-91) noem dat opleiding ook prakties van aard moet wees, aangesien die blote feit dat 'n onderwyser kennis het oor die seksuele misbruik van kinders, nie beteken dat hulle daartoe in staat is om seksuele misbruik te kan identifiseer en hanteer nie. Volgens Louw (2000:26) het die Onderwys Departement ná 1994 doelbewuste pogings aangewend om seksuele misbruik deel te maak van die kurrikulum om onderwysers op te lei. Verder word daar genoem dat nie al die skole hierdie opleiding geïmplementeer het nie, omrede "follow-up and monitoring mechanisms are not in place in all the educational districts, teachers did not feel empowered enough and did not receive further in-service training" (Louw, 2000:26). Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat opleiding nie 'n eenmalige gebeurtenis behoort te wees nie, dit moet opgevolg word deur indiensopleiding en dit moet gemonitor word en geëvalueer word.

Alhoewel die fokus van hierdie ondersoek op die opleiding van onderwysers val, is dit tog nodig om te meld dat by die voorkoming van seksuele misbruik by skoolkinders,

daar ook programme aangebied word vir kinders. Volgens Finkelhor (2009:169) is die doel van hierdie skoolgebaseerde programme om aan kinders die volgende vaardighede aan te leer: "how to identify dangerous situations, refuse an abuser's approach, break off an interaction, and summon help. The programs also aim to promote disclosure, reduce self-blame and mobilize bystanders."

Indien daar opleiding aan onderwysers gegee word om indikatore van seksuele misbruik te identifiseer, asook hoe om die bekendmaking van seksuele misbruik te hanteer en skoolkinders ontvang opleiding wat hul bemagtig wat bekendmaking aanmoedig, sal dit meer bekendmakings van seksuele misbruik tot gevolg hê. Indien onderwysers bemagtig genoeg voel om hierdie bekendmakings te hanteer, sal dit aangemeld word aan die regte persone en hierdie sake sal op die regte maniere aangespreek word en die kinders sal beveilig word.

8. GEVOLGTREKKINGS

Uit bevindinge soos verkry uit die empiriese navorsing, getrianguleer met die literatuur wat op empiriese navorsing geskoei is, kan tot die volgende gevolgtrekkings gekom word:

- Kinders reageer verskillend op seksuele misbruik, maar oor die algemeen moet daar gelet word op enige verandering in gedrag. Seksuele en nie-seksuele simptome by kinders kan moontlike indikatore wees van seksuele misbruik. Onderwysers moet kennis dra van hierdie indikatore sodat hulle kan weet hoe om dit te hanteer indien kinders wel indikatore toon in hul klaskamer. Indikatore van seksuele misbruik is egter ook soms indikatore van ander trauma in die kind se lewe en daarom is verdere ondersoek nodig indien dit waargeneem word. Daar is egter ook kinders wat seksueel misbruik word, wat geen indikatore toon nie en hulle word a-simptomatiese kinders genoem.
- Behalwe dat onderwysers moet kennis dra van die indikatore van seksuele misbruik, is dit ook belangrik dat hulle sal weet hoe om te reageer as 'n kind byvoorbeeld in die klaskamer masturbeer. In die ondersoek is daar aan respondente gevra hoe hul sal reageer indien 'n kind in hul klaskamer masturbeer. Sommige respondente kon nie eers die vraag beantwoord nie, weens die sensitiwiteit van die vraag. Die respondente wat wel geantwoord het, het genoem dat die kind sensitief behandel moet word en dat verdere

ondersoek nodig is. Dit bevestig dat seksuele misbruik en enige iets wat met 'n seksuele onderwerp te doen het, 'n sensitiewe saak is en dat mense dit nie graag openlik bespreek nie. Onderwysers, net soos enige ander hulpprofessionies, moet na hul eie gevoelens en waardes kyk rondom seksuele misbruik voordat hulle met kinders werk wat seksueel misbruik is, want dit kan soms hul oordeel beïnvloed.

- Die bekendmaking van seksuele misbruik is nie 'n eenvoudige en 'n eenmalige gebeurtenis nie. Omdat seksuele misbruik 'n sensitiewe saak is, kan kinders huiwerig wees om seksuele misbruik bekend te maak. As 'n kind wel seksuele misbruik bekend maak, kan dit doelbewus of per ongeluk wees. Kinders kan soms hierdie bekendmaking later terugtrek, omrede hul gedreig word of omdat die persoon se reaksie op die bekendmaking negatief was. 'n Kind kan ook seksuele misbruik ontken, en laastens kan 'n kind later herbevestig dat seksuele misbruik wel plaasgevind het. Onderwysers moet hierdie proses van bekendmaking verstaan, sodat hulle beseft dat dit vir kinders moeilik is om seksuele misbruik bekend te maak.
- Die maniere waarop 'n onderwyser reageer op die bekendmaking van seksuele misbruik is baie belangrik. Indien 'n kind moet bymekaar maak om seksuele misbruik bekend te maak en die reaksie wat hy ontvang, is nie die reaksie wat hy verwag het nie en hy word nie ondersteun nie, sal hy nie weer die seksuele misbruik bekend maak nie. Onderwysers moet bedag wees op hul reaksie wanneer kinders seksuele misbruik bekend maak, want dit kan nadelige gevolge inhou indien kinders nie voel dat die onderwyser die nodige aandag skenk aan die bekendmaking nie. Al die respondente in die ondersoek het egter genoem dat hulle simpatiek sal wees teenoor die kind en dat hulle na die kind sal luister.
- Die aanmelding van seksuele misbruik is nie 'n eenvoudige saak nie, al rus daar 'n wetlike verpligting op mense. As gevolg van die sensitiewe aard van seksuele misbruik wil mense nie betrokke raak nie. Alhoewel onderwysers simpatiek staan teenoor die kind wat seksueel misbruik word, kan vrees en onvoldoende kennis daartoe aanleiding gee dat hulle aarsel om die seksuele misbruik aan te meld. In hierdie ondersoek is aan respondente gevra of hul kennis dra van die *Sexual Offences and Related Matters Amendment Act (no. 32 of 2007)*, omdat hierdie Wet spesifiek aandag skenk aan seksuele misbruik

en die verpligte aanmelding van seksuele misbruik. Vyf van die respondente het nie kennis gedra van die Wet nie, twee van die respondente het kennis gedra van die Wet en een respondent het getwyfel. Dit dui daarop dat al bestaan daar wetgewing om mense te dwing om seksuele misbruik aan te meld, dat die mense op die straat nie kennis dra van die wetgewing nie.

- Daar is in die ondersoek aan respondente gevra wat die prosedure is by die aanmelding van seksuele misbruik, nadat 'n kind seksuele misbruik bekend gemaak het. Al die respondente het verskillende prosedures genoem by die aanmeldingsproses. Dit dui daarop dat hierdie skole nie vaste riglyne vir hul onderwysers gee om te volg by die aanmelding van seksuele misbruik nie.
- Onderwysers, is die persone wat die meeste tyd saam met kinders deurbring, behalwe vir die gesin. Onderwysers wat oor die nodige kennis beskik sal agterkom indien 'n kind probleme ondervind. Daarom is dit nodig dat onderwysers opgelei word om indikatore van seksuele misbruik waar te neem en ook om die bekendmaking van seksuele misbruik te hanteer. Onderwysers moet ook bewus gemaak word van die vertroue en veiligheid wat geskep moet word by die kind, sodat aanmeldings makliker gemaak kan word. In die ondersoek is daar aan respondente gevra of hulle van mening is dat onderwysers meer opleiding benodig om seksuele misbruik te hanteer. Al die respondente het saamgestem dat onderwysers meer opleiding benodig om seksuele misbruik te hanteer. Daar is ook aan respondente gevra watter format hulle sou voorstel vir hierdie verdere opleiding. Die voorstelle was werkswinkels, praatjies by die skool, uitdeelstukke, dat dit deel uitmaak van die kurrikulum op Universiteit en om 'n gesiglose onderhoud waar te neem.
- Indien opleiding aan onderwysers gegee word om indikatore van seksuele misbruik te identifiseer, asook hoe om die bekendmaking van seksuele misbruik te hanteer en skoolkinders ontvang opleiding wat hul bemaatig wat bekendmaking aanmoedig, sal dit meer bekendmakings van seksuele misbruik tot gevolg hê. Indien onderwysers bemaatig word om hierdie bekendmakings te hanteer, sal dit aangemeld word aan die regte persone en hierdie sake sal op die regte maniere aangespreek word en die kinders sal beveilig word.

9. AANBEVELINGS

Op grond van die bevindinge en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings aan die hand gedoen:

- Onderwysers behoort oor die kennis te beskik rondom die indikatore van seksuele misbruik. Hulle behoort te weet wat seksuele en nie-seksuele simptome is van kinders wat seksueel misbruik word en hul moet weet hoe om hierdie simptome te identifiseer. Indien hulle enige van hierdie simptome in die klaskamer waarneem, moet hulle ook weet hoe om daarop te reageer sonder om die kind bloot te stel aan enige negatiewe ervarings.
- Onderwysers behoort oor kennis te beskik om die bekendmaking van seksuele misbruik korrek te hanteer. As gevolg van die sensitiewe aard van seksuele misbruik en die problematiek rondom die verkeerde hantering van die bekendmaking van seksuele misbruik kan onderwysers dit nie bekostig om verkeerd te reageer op 'n bekendmaking nie.
- Onderwysers het 'n wetlike verpligting om 'n vermoede van seksuele misbruik by die polisie aan te meld. Onkunde en vrees weerhou hulle egter daarvan om hulle vermoede van seksuele misbruik by die polisie aan te meld. Onderwysers moet dus ingelig word rondom hul wetlike verpligting en hul moet besef dat hul nie vervolg kan word indien daar nie seksuele misbruik plaasgevind het nie, maar hul kan wel vervolg word indien hul versuim om seksuele misbruik aan te meld.
- Daar behoort by elke skool 'n prosedure in plek te wees indien 'n kind seksuele misbruik bekend maak sodat die seksuele misbruik aangemeld kan word. Elke onderwyser behoort te weet wat hierdie prosedure behels en behoort te weet wat die stappe is wat gevolg moet word. Indien 'n skool 'n maatskaplike werker in diens het, vergemaklik dit wel die proses, maar baie skole is nie in die bevoorregte posisie om 'n maatskaplike werker in diens te hê nie. Daarom is dit ook belangrik dat skole sal netwerk met hul naaste welsynsorganisasie sodat hulle die dienste van die maatskaplike werker tot hul beskikking sal hê.
- Onderwysers benodig meer opleiding om seksuele misbruik van skoolkinders te hanteer. Hierdie opleiding behoort die volgende onderwerpe in te sluit:
 - ✓ Indikatore van seksuele misbruik;

- ✓ Die hantering van die bekendmaking van seksuele misbruik;
- ✓ Die wetlike verpligting rondom die aanmelding van seksuele misbruik.
- Die formaat van hierdie opleiding kan die volgende wees:
 - Werkswinkels;
 - Praatjies by skole;
 - Om uitdeeltukke uit te gee by skole;
 - Om deel uit te maak van die kurrikulum op Universiteit;
 - Om 'n gesiglose onderhoud waar te neem.
- Indien onderwysers opleiding ontvang om seksuele misbruik te hanteer, moet daar egter ook programme by skole aangebied word om kinders te bemagtig om seksuele misbruik bekend te maak.
- Maatskaplike werkers en veral forensiese maatskaplike werkers het 'n belangrike rol om te vervul in al die bogenoemde aspekte. Hulle behoort skole in te lig rondom die leemtes wat bestaan in skole en programme behoort ontwikkel te word om hierdie leemtes aan te spreek.

10. SAMEVATTING

Die ondersoek is onderneem ten einde die rol van die onderwyser ten opsigte van die aanmelding van seksuele misbruik vas te stel.

Aan die hand van 'n empiriese ondersoek is uitgewys dat onderwysers 'n baie belangrike rol speel by die bekendmaking van seksuele misbruik en by die aanmelding van seksuele misbruik.

Die sentrale teoretiese stelling, naamlik dat die kennisbasis van onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik beperk is, en dat indien onderwysers beter toegerus is om aanmeldings van seksuele misbruik te verwys, sal meer kinders wat seksueel misbruik word na professionele persone verwys word, is bevestig.

Die doelwitte wat gestel is ten aansien van die studie en die bereiking daarvan word vervolgens voorgehou:

Doelwit 1: Om deur middel van 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek vas te stel wat die kennisbasis van onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik is.

Hierdie doelwit is bereik deurdat bevind is dat onderwysers nie oor 'n genoegsame kennisbasis beskik rondom seksuele misbruik nie.

Doelwit 2: Om deur middel van 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek vas te stel watter moontlike strategieë geïmplementeer kan word om onderwysers beter toe te rus om aanmeldings van seksuele misbruik te verwys.

Hierdie doelwit is bereik deurdat bevind is dat onderwysers meer opleiding benodig om seksuele misbruik te hanteer en dat hulle 'n vasgestelde prosedure benodig in hul skole by die aanmelding van seksuele misbruik.

Aanbevelings is aan die hand gedoen om onderwysers te bemagtig ten einde aanmelding van seksuele misbruik aan te moedig.

11. BIBLIOGRAFIE

ARATA,C. 1998. To tell or not to tell: Current functioning of child sexual abuse survivors who disclosed their victimization. *Child Maltreatment*, 3(1):63-71.

BABBIE, E. 2007. The practice of social research. London: Thomson & Wadworth.

BABIKER, G. & HERBERT, M. 1998. Critical issues in the assessment of child sexual abuse. *Clinical Child and Family Psychology*, 1(4):231-252.

BARKER, J. & HODES, D. 2007. The child in mind. A child protection handbook. 3rd ed. London: Routledge.

BARKER, R.L. 2003. The Social Work Dictionary. 5th ed. Washington: NASW Press.

BERLINER, L. 2002. The traumatic impact of abuse experiences: treatment issues. (In Browne, K.D., Hanks, H., Stratton, P. & Hamilton, C. ed. Early prediction and prevention of child abuse. A handbook. England: John Wiley & Sons. p. 202 ó 215).

BLESS, C. & HIGSON-SMITH, C. 1995. Fundamentals of social research methods: an African perspective. 2nd ed. Cape Town: Juta.

BROOKES, H. & HIGSON-SMITH, C. 2004. Responses to gender based violence in schools. (In Richter, L., Dawes, A. & Higson-Smith, C. eds. Sexual abuse of young children in Southern Africa. Cape Town: HSRC Press. p. 111-123).

BRUCK, M., LONDON, K., CECI, S.J. & SHUMAN, D.W. 2005. Disclosure of child sexual abuse. What does the research tell us about the ways that children tell? *Psychology, public policy and Law*, 11(1): 194-226.

COLLINGS, S.J. 2005. Non-supportive disclosure in child sexual abuse: some conceptual consideration. *Child Abuse Research in South Africa*, 6(1):13-17, Apr. Available: SAePublications. Date of access: 17 October 2009.

CONRADIE, H. & TANFA, D.Y. 2005. Adjudication of child victims of rape and indecent assault in Gauteng. *Child Abuse Research in South Africa*, 6(2):3-18.

CRONCH, L.E., VILJOEN, J.L. & HANSEN, D.J. 2006. Forensic interviewing in child sexual abuse cases: Current techniques and future directions. *Aggression and Violent Behavior*, 11:195-207.

DELPORT, C.S.L. & FOUCHÉ, C.B. 2005. The qualitative research report. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. p. 350-354).

DENT, R.J. 1991. Support from the educational services. (In Batty, D.(ed.) Sexually abused children. Making their placements work. London: BAAF. p. 59-67).

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION. 2010. Speak out. Youth report Sexual Abuse. A handbook for learners on how to prevent sexual abuse in public school. (Google search 6 Date of access: 6 November 2010).

DEPARTMENT OF EDUCATION. 2002. Sexual abuse in schools.
<http://www.info.gov.za/otherdocs./2002/sexual.htm>. Date of access: 6 November
2010

DEPARTMENT OF EDUCATION. 2008. Guidelines for the prevention and
management of sexual violence and harassment in public school. Pretoria:
Government Printers.

DIAZ, A. & MANIGAT, N. 1999. The healthcare provider's role in the disclosure of
sexual abuse: The medical interview as the gateway to disclosure. *Children's Health
Care*, 28(2):141-149.

FALLER, K.C. 2003. Understanding and assessing child sexual maltreatment. 2nd ed.
Thousand Oaks: SAGE.

FERRARA, F.F. 2002. Childhood sexual abuse. Development effects across the
lifespan. Australia: Brooks/Cole.

FINKEELHOR, D. 2009. The prevention of childhood sexual abuse. *The future of
children*, 19(2):169-194, Fall.

FOUCHÉ, A. 2006. Assessment of the sexually abused child. (In Spies, G.M. (ed.)
Sexual Abuse. Dynamics, assessment & healing. Pretoria: Van Schaik. p. 205-240).

FOUCHÉ, C.B. & DE VOS, A.S. 2005. Problem formulation. (In De Vos, A.S.,
Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at Grass Roots for the social
sciences and human service professions. 3rd ed. p. 100-110).

FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. In-depth review of literature. (In De Vos,
A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at Grass Roots for the
social sciences and human service professions. 3rd ed. p. 123-131).

FOWLER, J. 2008. A practitioner's tools for the assessment of adults who sexually
abuse children. London: Jessica Kingsley Publishers.

- FRIEDERICH, W.N., FISHER, J., BROUGHTEN, D., HOUSTEN, M. & SHAFRAN, C.R. 1998. Normative sexual behaviour in children: A contemporary sample. *Pediatrics*, 101.
- GOLDSTEIN, S.L. 1999. The sexual exploitation of children. A practical guide to assessment, investigation and intervention. 2nd ed. Boca Raton: CRC Press.
- GRIES, L., GOH, D., ANDREWS, M., GILBERT, J., PRAVER, F. & STELZER, D. 2000. Positive reaction to disclosure and recovery from child sexual abuse. *Journal of Child Sexual Abuse*, 9(1):29-51.
- KENNY, M.C. 2004. Teachers' attitudes toward and knowledge of child maltreatment. *Child Abuse & Neglect*, 28(8): 1311-1319, Jun. Available: Academic Search Premier. Date of access: 17 Oct. 2009.
- KOGAN, S. 2005. The role of disclosing child sexual abuse and adolescent adjustment and revictimization. *Journal of Child Sexual Abuse*, 14(2):25-47.
- KUEHNLE, K. 1996. Assessing allegations of child sexual abuse. Sarasota: Professional Resource Press.
- LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & FERNS, I. 1998. Die middelkinderjare. (In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (red.) Menslike Ontwikkeling. 3de Uitgawe. p. 325-383).
- LOUW, N. 2000. Child sexual abuse: An educational perspective on its prevention, intervention in cases and care and support of victims. *CARSA*, 1(2):24-30, Oct.
- MCGLYNN, L. & SMITH, J. 2009. I forgive you Daddy. London: Headline.
- MCINTYRE, T. 1990. The teachers' role in cases of suspected child abuse. *Education and Urban society*, 22(3):300-306.

- MITCHELL, M. & JOLLEY, J. 2001. Research design explained. New York: Harcourt College Publishers.
- MITCHELL, M.L. & JOLLEY, J.M. 2007. Research design explained. 7th ed. USA: Wadsworth.
- MOFFAT, G.K. 2003. Wounded innocents and fallen angels. Child abuse and child aggression. Westport: Praeger.
- NATIONAL CENTRE ON SEXUAL BEHAVIOR OF YOUTH. 2004. Sexual development and sexual behaviour problems in children Ages 2-12.
- NAYLOR, N. s.j. Sexual violence in school. The rights of learners and educators. Education Rights of learners, parents and educators.
- NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. London: Allyn & Bacon.
- NGWENA, C. 2003. AIDS in schools: a human rights perspective on parameters for sexuality education. *Acta Academica*, 35(2):184-204.
- ODENDAL, F.F. & GOUWS, R.H. 2000. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Midrand: Perskor.
- PENCE, D. & WILSON, C. 1994. Team investigation of child sexual abuse. The uneasy alliance. Thousand Oaks: SAGE.
- PREMDEV, D. 2007. Cries for help grow louder. *Sunday Tribune*: 4, Dec.2.
- RANDOLF, M.K. & GOLD, C.A. 1994. Child sexual abuse prevention: Evaluation of a teacher training program. *School Psychology Review*, 23:485-496.
- RATLHAGANE, K.J. 2002. Educators' knowledge of and opinion on child sexual abuse. UNISA. (Dissertation ó M.A.).

RAUBENHEIMER, C. 2007a. Elke 24 minute word kind in Suid-Afrika verkrag. *Beeld*: 10, Apr.12.

RAUBENHEIMER, C. 2007b. Wie luister na kinders? *Beeld*:15, Mei.30.

REYNECKE, J.M. & KRUGER, H.B. 2006. Sexual Offences Courts: Better justice for children? *Journal for Juridical Science*, 31(2): 73-107.

RUBIN, A. & BABBIE, E.R. 2005. Research methods for social work. London: Thomson Brooks/Cole.

SALTER, A. 1995. Transforming Trauma: A guide to understanding and treating adult survivors of child sexual abuse. Thousand Oaks: Sage.

SA kyk SOUTH AFRICA

SAPS kyk Suid-Afrikaanse Polisieagents

SAYWITZ, K.J., MANNARINO, A.P., BERLINER, L. & COHEN, J.A. 2000. Treatment for sexually abused children and adolescents. *American Psychologist*, 55:1040-1049.

SMIT, A.H. 2007. Adolescent's experiences of parental reactions to the disclosure of child sexual abuse. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Thesis-M.A. (S.W.))

SMITH, M.J. (ed.) 2008. Child Sexual Abuse. Issues and challenges. New York: Nova Science Publishers.

SOOKHA, B. 2004. Sharp increase in reports of child sexual abuse. *Saturday Weekend Argus*, 2, Mar.13.

SORENSEN, T. & SNOW, B. 1991. How children tell: The process of disclosure in child sexual abuse. *Child Welfare*, 70(1): 3-16.

SOUTH AFRICA. 1996. Constitution of the Republic of South Africa. Pretoria.

SOUTH AFRICA. 2005. Children's Act. Act 38 of 2005. Pretoria.

SOUTH AFRICA. 2007. Criminal Law. Sexual Offences and Related Matters Amendment Act, 32 of 2007. Pretoria.

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 1999. Report from the Child Protection Unit. <http://www.rapecrisis.org.za/statistics.htm> Date of access: 17 Oct. 2009.

SPIES, G.M. 2006. The effects of sexual abuse on a child. (*In* Spies, G.M. (ed.) Sexual Abuse. Dynamics, assessment & healing. Pretoria: Van Schaik. p. 44-61).

STRYDOM, H. 2005a. Sampling and sampling methods. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. p. 192-204).

STRYDOM, H. & DELPORT, C.S.L. 2005. Sampling and pilot study in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. p. 327-332).

STRYDOM, H. 2003. Maatskaplikewerk-navorsing. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. Studiegids.

STRYDOM, H. 2005b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. p. 56-70).

SUID-AFRIKA. 1998. Wet op die indiensneming van opvoeders. No. 76 van 1998. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996. Skolewet. No. 84 van 1996.

TAYLOR, M.C. 2005. Interviewing. (*In* Halloway, I. (ed.) *Qualitative Research in Health Care*. p. 39-55).

TAYLOR, S.C. & LLOYD, D. 2001. Mandatory reporting and child sexual abuse contextualising belief and attitudes. <http://www.aare.edu.au/01pap/tay01411.htm>
Date of access: 19 Oct. 2009.

TERREBLANCE, C. 2002. Findings on child abuse disturbing. *Saturday Star*: 5, Mar. 16.

ULLMAN, S.E. 2003. Social reactions to child abuse disclosure: A critical review. *Journal of Child Sexual Abuse*, 12:89-112.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Kaapstad: CTP Book Printers.

VERMEULEN, A. & FOUCHÉ, C.B. 2006. The relevance of family structure to the victim-perpetrator relationship in child sexual abuse in South Africa. *Child Abuse Research in South Africa*, 7(1):14-23.

WICKHAM, R.E. & WEST, J. 2002. Therapeutic work with sexually abused children. London: SAGE Publications.

WILCOX, D.T., RICHARDS, F. & O'KEEFEE, Z.C. 2004. Resilience and risk factors associated with experiencing childhood sexual abuse. *Child Abuse Review*, 13:338-352.

WYATT, W.J. 2007. A behaviour analytic look at contemporary issues in the assessment of child sexual abuse. *The behaviour Analyst Today*, 8(2): 145-162.

12. ADDENDUMS

12.1 Addendum 1: Selfgestruktureerde onderhoudskedule

Die rol van die onderwyser ten opsigte van die aanmelding van seksuele misbruik

Onderhoudskedule om die kennisbasis van onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik vas te stel

A. Identifiserende besonderhede

1. Wat is u geslag?
2. By watter skool hou u skool?
3. Hoe lank hou u al skool?

B. Kennis rondom die indikatore van seksuele misbruik

1. Dra u kennis rondom die indikatore van seksuele misbruik? Ja / Nee
2. Indien u ja geantwoord het by die vorige vraag, hoe word enige van hierdie indikatore hanteer indien u dit waarneem?
3. Hoe sal u byvoorbeeld reageer as 'n kind in u klas masturbeer?

C. Wyse waarop 'n onderwyser reageer op 'n bekendmaking van seksuele misbruik

1. Hoe sal u reageer as 'n kind aan u bekend maak dat hy/sy seksueel misbruik word?

D. Wetlike aspekte van die aanmelding van seksuele misbruik

1. Dra u kennis van die *Sexual Offences and Related Matters Amendment Act (No. 32 of 2007)* – section 54? Ja / Nee

(Indien die respondent 'Nee' geantwoord het, lees die navorsers die artikel van die Wet voor en vra dan die volgende vraag)

2. Wat is u mening rondom hierdie Wetlike verpligting?

Obligation to report commission of sexual offences against children or persons who are mentally disabled.

54(1)(a) A person who has knowledge that a sexual offence has been committed against a child must report such knowledge immediately to a police official.

54(1)(b) A person who fails to report such knowledge as contemplated in paragraph (a), is guilty of an offence and is liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both a fine and such imprisonment.

E. Prosedure by aanmelding

1. Wat is die prosedure wat u sal volg by die bekendmaking van seksuele misbruik van 'n kind?

F. Die behoefte aan meer opleiding vir onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik

1. Dink u dat onderwysers meer opleiding nodig om seksuele misbruik te hanteer?
Ja / Nee
2. Indien u "ja" geantwoord het by die vorige vraag, watter formaat sou u voorstel vir die opleiding?

12.2 ADDENDUM 2: INGELIGTE INSTEMMING

1. ONDERWERP

Die rol van die onderwyser ten opsigte van die aanmelding van seksuele misbruik

2. DOEL VAN DIE ONDERHOUDSKEDULE

Om die kennisbasis van onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik vas te stel.

3. VERWAGTE DUUR VAN DIE PROJEK

Die onderhoud word slegs eenmalig met die respondent gevoer en dit sal ongeveer 20 minute duur.

4. PROSEDURE WAT GEVOLG SAL WORD

Daar sal tydens die onderhoud van 'n bandopnemer gebruik gemaak word, sodat inligting korrek weergegee kan word in die navorsingsverslag. Die navorser sal vrae aan u vrae en daar sal van u verwag word om hierdie vrae so eerlik as moontlik te beantwoord. Indien u ongemaklik voel met 'n spesifieke vraag en u voel dat u dit eerder nie wil beantwoord nie, is dit u keuse en sal u nie gedwing word nie.

5. RISIKO'S EN MOONTLIKE ONGEMAK VIR DIE INDIVIDU

Seksuele misbruik is 'n sensitiewe onderwerp om oor te praat en u kan moontlik ongemak ervaar met sommige van die vrae.

Indien u bereid is om verder aan die navorsingsprojek deel te neem, moet u asseblief die volgende voordele en nadele in ag neem voordat u 'n keuse maak.

6. VOORDELE EN NADELE VAN DIE DEELNAME AAN DIE NAVORSING

VOORDELE:

- * Deur deel te neem aan die navorsing, dra u by tot die vooruitgang van navorsing.
- * Deur deel te neem aan die navorsing, mag u dalk nuwe inligting bekom wat u sal help in u daaglikse werk met kinders.
- * Deur deel te neem aan die navorsing, kan u dalk tot nuwe insigte kom ten opsigte van seksuele misbruik

NADELE:

- * U kan moontlik ongemak ervaar weens die sensitiewe aard van die onderwerp.
- * U kan moontlik blootgestel voel omdat die gesprek opgeneem word.

7. VERKLARING TEN OPSIGTE VAN VERTROULIKHEID EN ANONIMITEIT

Respondente se name sal nie bekend gemaak word nie. Alle inligting wat verskaf word vir die doel van hierdie ondersoek sal as vertroulik beskou word.

8. ONTTREKKINGSKLOUSULE

U as deelnemer aan die navorsingsprojek kan op enige stadium aan die navorsing onttrek. U is onder geen verpligting om deel te neem aan die ondersoek nie, dit is dus vrywillig, totdat u skriftelik die navorser in kennis stel dat u wil onttrek.

9. BOGENOEMDE PROJEK IS VOLLEDIG AAN MY VERDUIDELIK EN DIE VOLGENDE ADDISIONELE INLIGTING IS AAN MY UITGEWYS:

- 9.1 Dat ek die onderhoud voer vir navorsing, en dat geen kompensasie hiervoor ter sprake is nie;
- 9.2 Dat inligting wat uit die onderhoud na vore kom uitsluitlik aangewend sal word vir navorsing;
- 9.3 Indien ek enige verdere navrae aangaande hierdie projek sou hê in die toekoms, kan ek die navorser kontak by 082 7781 471.

10. VERKLARING VAN INSTEMMING VERLEEN

Hiermee verleen ek, í í í í í í í í í í í í í í í í

(Volle naam en van ó in drukskrif)

toestemming tot die volgende:

- * Om die onderhoudskedule: ðOm die kennisbasis van onderwysers ten opsigte van seksuele misbruik vas te stelö, saam met die navorser tydens ñn onderhoud deur te werk.

Ek kan gekontak word by die volgende:

Tel.no.: í í í í í í í í í í í í í í í .

Ek bevestig dat ek hierdie vorm gelees het, tyd gehad het om vrae te stel en ingelig is oor aspekte waaroor ek onseker was. Ek verleen hiermee vrywilliglik toestemming tot my deelname aan die projek.

Geteken te(plek) op(datum)

.....

(Handtekening van individu wat toestemming verleen)

U samewerking en bydrae word waardeer

.....

J. Delport

Navorsers

(Studenteno.: 10952748)

(Reg.no.: 10-21299)